with PERSAL/EMPLOYMENT/IDENTITY number _____,

of _____
(Residential address)

hereby declare that I am fully aware that—

1. I may not be nominated for, appointed or co-opted as a member of a governing body or I cease to be a member of a governing body if I—
 - (a) have at any time been convicted by a court of law of an offence for which I received a suspended prison sentence without the option of a fine, or was sentenced to imprisonment without the option of a fine, unless I have received a free pardon, or the period of suspension or imprisonment has expired at least three years before the date of my nomination or appointment as a member of the governing body;
 - (b) have a child, including an adopted child, spouse, life partner, parent, sibling, grandfather, grandmother, father-in-law, mother-in-law, brother-in-law or sister-in-law who—
 - (i) is a member of the governing body concerned; or
 - (ii) works at the school concerned;
 - (c) work at or for the school;
 - (d) have a financial, economic or personal interest in the school or work for a sole proprietor or juristic person that has a financial or economic interest in the school;
 - (e) have been declared unsuitable to work with children in terms of the Children's Act, 2005 (Act 38 of 2005), or the Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act, 2007 (Act 32 of 2007);
 - (f) am mentally ill and have been declared as such by a court of law;
 - (g) am an unrehabilitated insolvent;
 - (h) am not listed on the voters' roll of the school concerned;
 - (i) do not have a child enrolled as a learner at the school concerned;

- (j) *(in the case of an educator, in the employ of the Western Cape Education Department, appointed in terms of the Employment of Educators Act, 1998 (Act 76 of 1998), or by the school), have been found guilty of misconduct and have—*
- (i) received a fine;
 - (ii) been suspended without pay;
 - (iii) been demoted; or
 - (iv) received a combination of the sanctions contemplated in subparagraphs (i) to (iii), unless the period of my sanction has expired at least three years before the date of my nomination or appointment as a member of the governing body;
- (k) *(in the case of a non-educator, in the employ of the Western Cape Education Department, appointed in terms of the Public Service Act, 1994 (Proclamation 103 of 1994), or by the school) have been found guilty of misconduct and have—*
- (i) been suspended without pay;
 - (ii) been demoted; or
 - (iii) received a combination of the sanctions contemplated in subparagraphs (i) and (ii), unless the period of my sanction has expired at least three years before the date of my nomination or appointment as a member of the governing body;
- (l) have been removed from the governing body by the Head of Department in terms of regulation 6(8) during the previous three years;
- (m) am a principal at any other school; or
- (n) am an official of the Western Cape Education Department who has direct supervisory responsibilities at the school concerned.
2. I further declare, based on the points listed in (1) above, that I am not ineligible to be nominated or to serve on the governing body of a school under the auspices of the Western Cape Education Department.
 3. I further declare that I consent to being vetted by an accredited vetting agency to determine compliance with point (1) above if I am elected to the governing body and an allegation based on point (1) is made against me.
 4. I further declare that, after having considered points (1), (2) and (3) above, I duly accept the above-mentioned nomination.

SIGNATURE OF NOMINEE

I, _____,

(Full name)


the school electoral officer hereby declare that this nomination is accepted / rejected.

(Delete which is not applicable)

DATE

SIGNATURE OF SCHOOL ELECTORAL OFFICER

Please affix the school stamp of the office of the school electoral officer:



ANNEXURE C

Notice of Nomination and Election Meeting

Election of Educators / Non-Educators to Governing Body

(Regulations 25, 26 and 27 of the Procedures for the Election and Establishment of Governing Bodies at Public Schools Regulations, 2024)

NAME OF SCHOOL: _____ EMIS NUMBER: _____

Notice is hereby given that a meeting for the nomination and election of candidates for the election of _____ (educators / non-educators) as members of the governing body for the above-mentioned school will be held on _____ (date) at _____ (time) in _____ (venue). Should a quorum not be reached, a follow-up meeting will be held on _____ (date) at _____ (time).

It will be determined at _____ (time) on the day of the nomination and election meeting whether enough educators / non-educators entitled to vote are present for the meeting to go ahead. Educators / non-educators are therefore encouraged to attend the meeting.

Please arrive at the meeting before _____ (time).

An educator / non-educator may be nominated at the meeting or by lodging with the school electoral officer not more than seven days before the above-mentioned meeting a nomination form duly completed by a proposer, a seconder and the nominee. For this purpose, nominations will be accepted at the school from _____ (date) until _____ (time) on _____ (date).

If the number of candidates nominated equals the number of members to be elected, the candidates will be deemed to be elected governing body members.


If more candidates are nominated than the number of members to be elected, a poll will be conducted after the nominations have been submitted.

DATE

SIGNATURE OF SCHOOL ELECTORAL OFFICER

ADDRESS:

Please affix the school stamp of the office of the school electoral officer:



ANNEXURE D

NOMINATION FORM

Election of Educators / Non-Educator as Members of Governing Body

(Regulations 25, 26 and 27 of the Procedures for the Election and Establishment of Governing Bodies at Public Schools Regulations, 2024)

NAME OF SCHOOL: _____

PROPOSER:

I, _____,
(Full name)

of _____ (Residential address)

being an educator / non-educator of the above-mentioned school, hereby nominate

(Full name of candidate)

as a member of the governing body of the above-mentioned school.

SIGNATURE OF PROPOSER

SECONDER:

I, _____,
(Full name)

of _____ (Residential address)

being an educator / non-educator of the above-mentioned school, hereby second the nomination of

(Full name of candidate)

as a member of the governing body of the above-mentioned school.

SIGNATURE OF SECONDER

NOMINEE:

I, _____
(Full name)

with PERSAL/EMPLOYMENT number _____,

of _____
(Residential address)

hereby declare that I am fully aware that—

1. I may not be nominated for, appointed or co-opted as a member of a governing body or I cease to be a member of a governing body if I—
 - (a) have at any time been convicted by a court of law of an offence for which I received a suspended prison sentence without the option of a fine, or was sentenced to imprisonment without the option of a fine, unless I have received a free pardon, or the period of suspension or imprisonment has expired at least three years before the date of my nomination or appointment as a member of the governing body;
 - (b) have a child, including an adopted child, spouse, life partner, parent, sibling, grandfather, grandmother, father-in-law, mother-in-law, brother-in-law or sister-in-law who—
 - (i) is a member of the governing body concerned; or
 - (ii) works at the school concerned;
 - (c) have a financial, economic or personal interest in the school or work for a sole proprietor or juristic person that has a financial or economic interest in the school;
 - (d) have been declared unsuitable to work with children in terms of the Children's Act, 2005 (Act 38 of 2005), or the Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act, 2007 (Act 32 of 2007);
 - (e) am mentally ill and have been declared as such by a court of law;
 - (f) am an unrehabilitated insolvent;
 - (g) am not listed on the voters' roll of the school concerned;
 - (h) *(in the case of an educator, excluding the principal, appointed in terms of the Employment of Educators Act, 1998 (Act 76 of 1998), or by the school)*, have been found guilty of misconduct and have—
 - (i) received a fine;
 - (ii) been suspended without pay;

- (iii) been demoted; or
 - (iv) received a combination of the sanctions contemplated in subparagraphs (i) to (iii), unless the period of my sanction has expired at least three years before the date of my nomination or appointment as a member of the governing body;
 - (i) *(in the case of a non-educator, appointed in terms of the Public Service Act, 1994 (Proclamation 103 of 1994), or by the governing body)* have been found guilty of misconduct and have—
 - (i) been suspended without pay;
 - (ii) been demoted; or
 - (iii) received a combination of the sanctions contemplated in subparagraphs (i) and (ii), unless the period of my sanction has expired at least three years before the date of my nomination or appointment as a member of the governing body;
 - (j) have been removed from the governing body by the Head of Department in terms of regulation 6(8) during the previous three years;
 - (k) am a principal at any other school; or
 - (l) am an official of the Western Cape Education Department who has direct supervisory responsibilities at the school concerned.
2. I further declare, based on the points listed in (1) above, that I am not ineligible to be nominated or to serve on the governing body of a school under the auspices of the Western Cape Education Department.
3. I further declare that, after having considered points (1) and (2) above, I duly accept the above-mentioned nomination.

SIGNATURE OF NOMINEE

OR

(IF PROPOSED AT NOMINATION AND ELECTION MEETING AND NOT PRESENT TO COMPLETE THE NOMINATION FORM)

I, _____,
(Full name)

declare that written proof to my satisfaction has been submitted that the above-mentioned nominee, who is not present at the nomination and election meeting to complete the nomination form, will, if elected, be willing to serve as a member of the governing body.


SIGNATURE OF SCHOOL ELECTORAL OFFICER

This nomination is accepted / rejected.
(Delete which is not applicable)

DATE

SIGNATURE OF SCHOOL ELECTORAL OFFICER

Please affix the school stamp of the office of the school electoral officer:



ANNEXURE E**AGENDA**

NAME OF SCHOOL: _____

DATE OF MEETING: _____

CHAIRPERSON: _____

ITEM NO.	DISCUSSION TOPIC	RESPONSIBILITY
SECTION A: PROCEDURAL MATTERS		
A.1	Opening and welcome	Chairperson
A.2	Attendance and apologies	All
A.3	Adoption of agenda	All
A.4	Approval of minutes of	All
SECTION B: MATTERS ARISING		
Issues from previous meeting that must be reported on		
B.1		
B.2		
SECTION C: STANDING ITEMS		
C.1	Principal's report	Principal
C.2	Finance	Treasurer
C.3	Staff issues	Principal
C.4	Safety and security	Principal
C.5	Parent issues	Chairperson
C.6	Governing body issues	Chairperson
C.7	Property and maintenance	Chairperson
C.8	Approval of departmental documents	Chairperson
C.9	Policies (Name of policy)	Chairperson
SECTION D: NEW ITEMS FOR THE WESTERN CAPE EDUCATION DEPARTMENT / DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION		
Circulars/Minutes/Directives/Legislation/Policies, etc.		
D.1		Principal
D.2		Principal
SECTION E: CORRESPONDENCE		
Letters/Emails/Correspondence to the governing body (Not from the Western Cape Education Department or Department of Basic Education)		
E.1		Principal
E.2		Principal
SECTION F: NEW ITEMS		
Any other item that does not fit into any of the above categories		
F.1		Chairperson
F.2		Chairperson
SECTION G: CLOSURE		
G.1	Announcements – not personal (No discussions)	Chairperson
G.2	Next scheduled meeting	Chairperson
G.3	Summary and closure	Chairperson

POSSIBLE AGENDA ITEMS FOR DISCUSSION UNDER SECTION C**C.1 PRINCIPAL'S REPORT****C.1.1 Educational Support Programmes**

- C.1.1.1 National School Nutrition Programme
- C.1.1.2 Remedial support
- C.1.1.3 Extra classes

C.1.2 Learner Issues

- C.1.2.1 Discipline, attitude and school uniform
- C.1.2.2 Attendance
- C.1.2.3 Additional support for struggling learners
- C.1.2.4 Performance
- C.1.2.5 Class sizes
- C.1.2.6 Learner / educator ratios
- C.1.2.7 Learner assessments
- C.1.2.8 Admissions
- C.1.2.9 Extracurricular and extramural activities
- C.1.2.10 Representative Council of Learners (if applicable)
- C.1.2.11 Homework submission
- C.1.2.12 Expulsions and / or suspensions

C.1.3 Curriculum Issues

- C.1.3.1 Content coverage
- C.1.3.2 Assessment
- C.1.3.3 Drop-out rates
- C.1.3.4 Academic results
- C.1.3.5 Subject choices
- C.1.3.6 Book choices
- C.1.3.7 Also see paragraph 6.7 of Circular 0043/2021

C.2 FINANCE

- C.2.1 Budget and financial statements
- C.2.2 School fees (payments and non-payments)
- C.2.3 Exemptions
- C.2.4 Debt collections
- C.2.5 Investments
- C.2.6 Liabilities (loans and overdrafts)
- C.2.7 Purchases
- C.2.8 Procurement plan
- C.2.9 Contracts
- C.2.10 Fundraising
- C.2.11 Disposals, inventories and asset register
- C.2.12 Section 38A of the South African Schools Act, 1996 (Act 84 of 1996)

C.3 STAFF ISSUES

- C.3.1 Discipline
- C.3.2 Attendance
- C.3.3 Additional support for struggling staff members
- C.3.4 Performance
- C.3.5 Remuneration / compensation
- C.3.6 Bonuses
- C.3.7 Staff assessment
- C.3.8 Section 51A of the Western Cape Provincial School Education Act, 1997 (Act 12 of 1997)
- C.3.9 Appointment, composition and vacancies
- C.3.10 Retirements, dismissals and resignations
- C.3.11 Secondments
- C.3.12 Transfers
- C.3.13 Promotions
- C.3.14 Staff development

C.4 SAFETY AND SECURITY

- C.4.1 Access control and visits to school
- C.4.2 Guarding
- C.4.3 Screening

- C.4.4 Business continuity
- C.4.5 Safeguarding of vital documents
- C.4.6 Evacuation, drills and testing
- C.4.7 Alarm, siren and intercom
- C.4.8 Creation of conducive learning environment
- C.4.9 School patrol during periods, breaks and after school

C.5 PARENT ISSUES

- C.5.1 Involvement
- C.5.2 Communication

C.6 GOVERNING BODY ISSUES

- C.6.1 Training
- C.6.2 Vacancies
- C.6.3 Commitment of members
- C.6.4 Discipline of members

C.7 PROPERTY AND MAINTENANCE

- C.7.1 Building maintenance
- C.7.2 Cleaning of building and premises
- C.7.3 Expansions, enhancements and renovations
- C.7.4 Renting / leasing of building or premises

C.8 APPROVAL OF DEPARTMENTAL DOCUMENTS

- C.8.1 Annual Academic Performance Report (AAPR)
- C.8.2 Academic Performance Improvement Plan (APIP) or Individual Learner Support Plan (ILSP) / Individual Learner Development Plan (ILDLP) in the case of Severe Intellectual Disability (SID), Autism Spectrum Disorder (ASD) or Profound Intellectual Disability (PID) learners
- C.8.3 School Development Plan (SDP)
- C.8.4 School Improvement Plan (SIP)
- C.8.5 School Self Evaluation (SSE)
- C.8.6 School Governing Body Functionality Tool
- C.8.7 Building Blocks for Effective School Management (Availability of Management Documents)

C.9 **POLICIES** (Name of Policy)

C.9.1 Consultation

C.9.2 Review

C.9.3 Update

C.9.4 Approval

PROVINSIALE KENNISGEWING

P.K. 17/2024

7 Februarie 2024

WES-KAAPSE ONDERWYSDEPARTEMENT**REGULASIES OOR PROSEDURES VIR DIE VERKIESING EN INSTELLING VAN
BEHEERLIGGAME BY OPENBARE SKOLE, 2024**

Die Provinsiale Minister van Onderwys in die Wes-Kaap het, kragtens artikel 24, saamgelees met artikel 63 van die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997), die regulasies uiteengesit in die Bylae gemaak.

BYLAE**INDELING VAN REGULASIES***Regulasies*

1. Woordomsrywings
2. Samestelling van beheerliggaam
3. Koöptering van ouerlede
4. Onverkiesbaarheid om as lede in beheerliggaam te dien en diskwalifikasie van lede van beheerliggaam
5. Keuring
6. Ampstermyn van lede van beheerliggaam
7. Vakatures in beheerliggaam
8. Ontbinding en hersamestelling van beheerliggaam
9. Stemreg
10. Verkiesingsmetodes
11. Skoolkiesbeampte
12. Pligte van distrikskiesbeampte
13. Pligte van provinsiale kiesbeampte
14. Gedragskode vir kiesbeamptes
15. Kieserslyste
16. Datum, tyd en plek van benoemingsbevestigingsvergadering en verkiesing van ouerlede
17. Kennisgewing van benoemingsbevestigingsvergadering en verkiesing van ouerlede
18. Benoemingsproses in verkiesing-per-hand
19. Stemming by verkiesing van ouerlede in verkiesing-per-hand
20. Tel van stemme
21. Rol van skool in besluit op e-verkiesing
22. Benoemingsproses vir e-verkiesing
23. Stemming tydens e-verkiesing
24. Tel van stemme tydens e-verkiesing
25. Benoemings- en verkiesingsvergadering van opvoederlede
26. Stemming by verkiesing van opvoederlede
27. Benoeming en verkiesing van nie-opvoederlid
28. Benoeming en verkiesing van leerderlede
29. Besluite van skoolkiesbeampte

30. Besluite van distrikskiesbeampte
31. Prosedure ná verkiesing van beheerliggaam
32. Eerste vergadering van beheerliggaam
33. Komitees
34. Vergaderings van beheerliggaam
35. Notule van verrigtinge van vergaderings
36. Oorgangsbepalings
37. Herroeping
38. Kort titel

Woordomskrywings

1. In hierdie regulasies, tensy anders vermeld, het enige woord of uitdrukking waaraan daar in die Wet 'n betekenis geheg is, die betekenis wat daaraan geheg is en, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken—

“**aanvaarde ouerkandidaat**” 'n ouerkandidaat wie se benoeming deur die skoolkies-beampte aanvaar is ingevolge regulasie 18(6);

“**benoemingsbevestigingsvergadering**” 'n vergadering beoog in regulasie 16(1)(a)(i);

“**borgliggaam**” 'n liggaam wat finansiële steun aan 'n skool vir leerders met spesiale onderwysbehoefte verleen;

“**dag**” enige dag, uitgesonderd 'n openbare vakansiedag en 'n dag wat in 'n skoolvakansie val;

“**die Wet**” die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997);

“**distrikskiesbeampte**” die hoof van bestuur en bestuurtoesig by 'n onderwysdistrikskantoor;

“**e-stemming**” 'n stem wat in 'n e-verkiesing uitgebring is;

“**e-stemstasie**” 'n stemstasie vir e-stemming;

“**e-verkiesing**” 'n verkiesing van 'n beheerliggaam waar elektroniese middele in een of meer stadiums gebruik word;

“**gewone skool**” 'n skool wat nie 'n skool vir leerders met spesiale onderwysbehoefte is nie;

“**hoogs ontwrigtende gebeurtenis**” 'n gebeurtenis, hetsy verwags of onverwags, wat die normale werksaamhede, bedrywighede of prosesse van 'n skool ontwrig en wat tot die ontworteling of onderbreking van die normale besigheid van 'n skool aanleiding gee;

“**Immigration Act**” die “Immigration Act, 2002” (Wet 13 van 2002);

“**kworum van die vergadering**”, met betrekking tot 'n vergadering van 'n beheerliggaam, 'n kworum soos beoog in regulasie 34(21);

“**laaste dag van die skooljaar vir leerders**” die Woensdag van die tweede week in Desember van elke jaar;

“**laaste dag van die skooljaar vir opvoeders**” die Vrydag van die tweede week in Desember van elke jaar;

“**lid**” 'n lid van 'n beheerliggaam;

“**nie-opvoeder**” 'n persoon, uitgesonderd 'n opvoeder, wat in 'n kontrak-, tydelike of permanente hoedanigheid ooreenkomstig die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994), by 'n skool, of ooreenkomstig artikel 21A(5) van die Wet deur die openbare skool aangestel is, met inbegrip van 'n persoon wat vir minstens 12 maande 'n toelae van die skool ontvang;

“ouer”—

- (a) die ouer of voog van ’n leerder;
- (b) die persoon met wettige aanspraak op sorg vir ’n leerder; of
- (c) die persoon wat onderneem om die verpligtinge van ’n persoon beoog in paragrawe (a) en (b) ten opsigte van die leerder se opvoeding op skool na te kom;

“**provinsiale kiesbeampte**” die senior amptenaar van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement wat verantwoordelik is vir die bestuur van die verkiesing van beheerliggame in die provinsie ingevolge die organogram vir die Wes-Kaapse Onderwysdepartement wat deur die Provinsiale Minister onderteken is;

“**skool**” ’n gewone openbare skool of ’n openbare skool vir leerders met spesiale onderwysbehoefes;

“**skoolkiesbeampte**” ’n kiesbeampte aangestel ingevolge regulasie 11(2);

“**skoolkiesspan**” die skoolkiesbeampte tesame met die persone wat ingevolge regulasie 11(6) aangestel is om die skoolkiesbeampte by ’n benoemings-bevestigingsvergadering en verkiesing by te staan;

“**skoolvakansie**” ’n skoolvakansie beoog in die “National Policy for Determining School Calendars for Public Schools in South Africa”, gemaak onder Goewerments-kennisgewing 57 in *Staatskoerant* 38330 gedateer 30 Januarie 2015;

“**stelsel**”, met betrekking tot ’n e-verkiesing, die elektroniese stelsel wat vir daardie verkiesing gebruik word;

“**stemgeregtigde lid**” ’n lid van ’n beheerliggaam wat stemreg het;

“**tweede-in-bevel**” ’n adjunkprinsipaal of die opvoeder by ’n skool met die tweede hoogste rang;

“**vergadering**” ’n enkele amptelike vergadering van die lede van ’n beheerliggaam of ’n komitee met inbegrip van ’n vergadering wat aanlyn belê is waar alle teenwoordige lede duidelik hoorbaar is;

“**Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting**” die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013).

Samestelling van beheerliggaam

2. (1) Behoudens subregulasie (21), moet die beheerliggaam van ’n gewone sekondêre skool, middelbare skool of gekombineerde skool bestaan uit—

- (a) sewe ouers;
- (b) twee opvoeders by die skool;
- (c) een nie-opvoeder by die skool;
- (d) twee leerders in die agste graad of hoër, gekies deur die verteenwoordigende raad van leerders vanuit sy eie geledere; en
- (e) die prinsipaal.

(2) Behoudens subregulasie (21), moet die beheerliggaam van ’n gewone primêre skool met ’n personeeldiensstaat van die prinsipaal, twee of meer opvoeders en een of meer nie-opvoeders bestaan uit—

- (a) vyf ouers;
- (b) twee opvoeders by die skool;
- (c) een nie-opvoeder by die skool; en
- (d) die prinsipaal.

(3) Behoudens subregulasie (21), moet die beheerliggaam van ’n gewone primêre skool met ’n personeeldiensstaat van die prinsipaal, een opvoeder en een nie-opvoeder bestaan uit—

- (a) vier ouers;
- (b) die opvoeder by die skool wat nie die prinsipaal is nie;
- (c) die nie-opvoeder by die skool; en
- (d) die prinsipaal.

(4) Behoudens subregulasie (21), moet die beheerliggaam van 'n skool vir leerders met spesiale onderwysbehoefte bestaan uit—

- (a) sewe ouers;
- (b) twee opvoeders by die skool;
- (c) een nie-opvoeder by die skool;
- (d) twee leerders in die agste graad of hoër, verkies deur die verteenwoordigende raad van leerders vanuit sy eie geledere, indien redelikerwys doenlik;
- (e) die prinsipaal;
- (f) een verteenwoordiger van borgliggame, indien van toepassing;
- (g) een verteenwoordiger van organisasies van ouers van leerders met spesiale onderwysbehoefte, indien van toepassing;
- (h) een verteenwoordiger van organisasies vir persone met gestremdhede, indien van toepassing;
- (i) een persoon met gestremdheid, indien van toepassing; en
- (j) een deskundige op gepaste terreine van spesiale onderwysbehoefte.

(5) Die bestuurstoetsing van 'n gewone skool met 'n personeeldiensstaat van 'n prinsipaal en—

- (a) een opvoeder;
- (b) een nie-opvoeder; of
- (c) nie 'n opvoeder of 'n nie-opvoeder nie,

moet by die beheerliggaam van die naaste skool ingelyf word en moet aan gedeelde bestuur onderworpe wees.

(6) 'n Beheerliggaam beoog in regulasie 2(1), (2), (3) en (4) wat nie bestaan uit minstens—

- (a) een ouer nie;
- (b) een opvoeder nie;
- (c) een nie-opvoeder nie;
- (d) een leerder nie, indien van toepassing; of
- (e) in die geval van 'n skool vir leerders met spesiale onderwysbehoefte, een deskundige op gepaste terreine van spesiale onderwysbehoefte nie,

is onbehoorlik saamgestel en is buite werking.

(7) In die omstandighede beoog in subregulasie (6), moet die prinsipaal binne vyf dae nadat hy of sy bewus word dat die beheerliggaam onbehoorlik saamgestel en buite werking is, die distrikskiesbeampte in kennis stel wat die skoolkiesbeampte opdrag moet gee om binne tien dae nadat hy of sy in kennis gestel is verkiesings te hou vir daardie kategorieë ooreenkomstig hierdie regulasies.

(8) 'n Besluit geneem deur 'n beheerliggaam of stap gedoen op gesag van 'n beheerliggaam is nie ongeldig nie bloot omdat 'n vakature in daardie beheerliggaam bestaan het of omdat iemand wat nie daarop geregtig was nie om as 'n stemgeregtigde lid van daardie beheerliggaam sitting te neem in daardie beheerliggaam as sodanige stemgeregtigde lid sitting geneem het toe die besluit geneem is of die handeling gemagtig is, indien die besluit geneem of die handeling gemagtig is deur 'n kworum by die vergadering van die beheerliggaam, met dien verstande dat die beheerliggaam behoorlik saamgestel is en die voorstel wat tot die besluit gelei het deur 'n stemgeregtigde lid gedoen is en deur 'n ander stemgeregtigde lid gesecondeer is.

(9) 'n Beheerliggaam van 'n skool beoog in subregulasies (1), (2) en (3) mag hoogstens vyf lede van die gemeenskap koöpteer om die beheerliggaam in staat te stel om die werksaamhede te verrig waarvoor hulle gekoöpteer is.

(10) 'n Koöptering beoog in subregulasie (9) moet skriftelik wees en die rede vir die koöptering en die tydperk van die koöptering verstrek.

(11) 'n Lid van die gemeenskap mag ingevolge subregulasie (9) nie gekoöpteer word vir meer as drie termyne van 12 maande elk nie. Met dien verstande dat die tydperk van die koöptering nie langer as die ampstermyn van die beheerliggaam is nie.

(12) Behoudens regulasie 3(4) en (5) en regulasies 7(11) en 32(4), het gekoöpteerde lede nie stemreg in die beheerliggaam nie en mag nie—

- (a) 'n voorstel doen by 'n vergadering van die beheerliggaam nie;
- (b) 'n voorstel sekondeer by 'n vergadering van die beheerliggaam nie; of
- (c) as voorsitter optree van 'n vergadering van die beheerliggaam nie.

(13) Ouers van leerders by 'n skool moet die ouerlede beoog in subregulasies (1)(a), (2)(a), (3)(a) en (4)(a) benoem en verkies.

(14) Opvoeders wat by 'n skool in diens is, moet die opvoederlede beoog in subregulasies (1)(b), (2)(b), 3(b) en (4)(b) benoem en verkies: Met dien verstande dat in die omstandighede beoog in subregulasies (1)(b), (2)(b) en (4)(b), indien die skool slegs twee opvoeders het, daardie lede outomaties verkies word.

(15) Indien 'n opvoederlid beoog in subregulasie (1)(b), (2)(b), (3)(b) of (4)(b) aangestel is om as hoof van 'n skool op te tree, moet die beheerliggaam 'n ander opvoeder koöpteer wat stemreg sal hê op aanbeveling van die opvoederpersoneel van dieselfde skool om in die beheerliggaam te dien vir die duur van die tydperk waartydens die verkose opvoederlid as die hoof van die skool optree.

(16) Nie-opvoederpersoneel wat by 'n skool in diens is moet die nie-opvoederlede beoog in subregulasies (1)(c), (2)(c) en (4)(c) benoem en verkies: Met dien verstande dat indien die skool slegs een nie-opvoeder het, daardie lid outomaties verkies word.

(17) In die omstandighede beoog in subregulasie (3)(c), word die nie-opvoederlid outomaties verkies.

(18) Die verteenwoordigende raad van leerders by 'n skool moet die leerderlede beoog in subregulasies (1)(d) en (4)(d) benoem en verkies.

(19) Die beheerliggaam van 'n skool vir leerders met spesiale onderwysbehoefte moet 'n komitee oor spesiale onderwysbehoefte soos beoog in artikel 30(2) van die Suid-Afrikaanse Skolewet instel.

(20) Die komitee beoog in subregulasie (19) moet—

(a) minstens een maal per skoolkwartaal vergader; en

(b) bestaan uit—

(i) die prinsipaal;

(ii) twee ouerlede van die beheerliggaam;

(iii) een opvoeder; en

(iv) indien redelikerwys doenlik, minstens een en hoogstens vyf van enige van die volgende persone:

(aa) 'n verteenwoordiger van borgliggame;

(bb) 'n verteenwoordiger van organisasies van ouers van leerders met spesiale onderwysbehoefte;

(cc) 'n verteenwoordiger van organisasies vir persone met gestremdhede;

(dd) 'n persoon met gestremdheid; en

(ee) 'n kundige op gepaste terreine van spesiale onderwysbehoefte.

(21) Die Departementshoof mag die samestelling en ampstermyn van 'n beheerliggaam by 'n skool wat verskil van die samestelling beoog in subregulasies (1), (2), (3) en (4) goedkeur indien—

(a) die beheerliggaam van die skool skriftelik om sodanige verskillende samestelling aansoek gedoen het en redes daarvoor verstrekket; of

(b) 'n beheerliggaam ingestel moet word om die werksaamhede van 'n beheerliggaam in die tussentyd te verrig om die instelling van 'n nuwe skool te vergemaklik,

en die Departementshoof oortuig is dat sodanige samestelling in belang van onderwys by die skool is.

(22) Behalwe vir 'n skool bedoel in artikel 12(1)(g) van die Wet, in die omstandighede beoog in subregulasie (21)(a), moet die getal ouerlede wat in 'n beheerliggaam van 'n skool beoog in subregulasies (1), (2) en (3) dien uit een meer as die gesamentlike totaal van ander stemgeregtigde lede van die beheerliggaam bestaan.

(23) Die Departementshoof mag te eniger tyd na sy of haar goeddunke die goedkeuring beoog in subregulasie (21)(b) terugtrek en die betrokke tussentydse beheerliggaam ontbind, waarna 'n nuwe beheerliggaam saamgestel moet word ooreenkomstig subregulasie (1), (2), (3) of (4), na gelang van die geval.

(24) 'n Tussentydse beheerliggaam soos beoog in subregulasie (21)(b) en regulasies 3(8)(a) en 8(4) moet bestaan uit die—

(a) distrikskiesbeampte, as voorsitter;

(b) kringbestuurder verantwoordelik vir die skool;

(c) skoolfinansies- en rekordbeampte verantwoordelik vir die skool as tesourier;

(d) assistent-direkteur, wat die skoolfinansies- en rekordbeampte beoog in paragraaf (c) bestuur, verantwoordelik vir daardie onderwysdistrik as sekretaris;

- (e) adjunkhoof- onderwysspesialis vir bestuur en bestuurstoedig verantwoordelik vir daardie onderwysdistrik as ondervoorsitter; en
- (f) prinsipaal.

(25) Die provinsiale kiesbeampte moet die name en besonderhede beoog in subregulasie (24) aan die Departementshoof voorlê.

Koöptering van ouerlede

3. (1) Indien daar 'n vakature in die getal ouerlede in 'n beheerliggaam is, of indien die prinsipaal daarvan bewus is dat 'n vakature in die beheerliggaam sal ontstaan, moet die prinsipaal, binne vyf dae nadat hy of sy van die vakature bewus geword het, of daarvan bewus geword het dat 'n vakature sal ontstaan, alle ouers van die leerders by die skool in kennis stel van die vakature, deur 'n brief aan elke leerder van die skool te oorhandig met die mondelinge opdrag om dit aan sy of haar ouers te oorhandig of deur enige ander toepaslike metode soos deur die prinsipaal bepaal, en die ouers versoek om binne 'n tydperk van twee skooldae ná die datum van die kennisgewing skriftelik by die prinsipaal aan te dui of die ouer bereid sal wees om as 'n gekoöpteerde stemgeregtigde lid in die beheerliggaam te dien.

(2) In die kennisgewing aan die ouers beoog in subregulasie (1), moet die prinsipaal 'n ouer wat bereid is om gekoöpteer te word as 'n stemgeregtigde lid in die beheerliggaam versoek om 'n kort motivering in te dien hoekom hy of sy in die beheerliggaam wil dien.

(3) Ná die twee skooldae beoog in subregulasie (1), moet die voorsitter van die beheerliggaam 'n spesiale vergadering van die beheerliggaam belê, nadat die beheerliggaamlede minstens 48 uur kennis gegee is, om 'n stemgeregtigde ouerlid tydelik te koöpteer, met dien verstande dat die vergadering om 'n ouer te koöpteer 'n kworum bereik.

(4) Indien die getal ouers wat bereid is om as stemgeregtigde lede gekoöpteer te word gelyk is aan of minder is as die getal vakatures, sal daardie ouers as gekoöpteerde stemgeregtigde lede van die beheerliggaam geag word, met dien verstande dat hulle kwalifiseer om as lede in die beheerliggaam te dien.

(5) Indien the getal ouers wat bereid is om as stemgeregtigde lede gekoöpteer te word meer as die getal vakatures is, moet die stemgeregtigde beheerliggaamlede wat 'n kworum op die vergadering vorm die motivering beoog in subregulasie (2) oorweeg en ouerlede vanuit hierdie ouergeleedere koöpteer deur 'n deursigtige, regverdige en demokratiese proses, wat stemming mag insluit.

(6) Die voorsitter van 'n beheerliggaam mag nie 'n algemene vergadering of spesiale vergadering van die beheerliggaam belê nie totdat 'n stemgeregtigde ouerlid gekoöpteer is soos beoog in subregulasies (4) en (5).

(7) Indien die getal beheerliggaamlede nie genoeg is om 'n kworum te vorm nie, moet die prinsipaal sonder versuim die provinsiale kiesbeampte in kennis stel dat die beheerliggaam nie 'n kworum bereik het nie.

(8) In die omstandighede beoog in subregulasie (7)—

- (a) moet die Departementshoof binne drie dae nadat hy of sy bewus word dat daar geen kworum is nie 'n tussentydse beheerliggaam instel vir 'n tydperk van hoogstens 90 dae;
- (b) moet die skoolkiesbeampte binne 14 dae nadat die Departementshoof die tussentydse beheerliggaam ingestel het 'n kennisgewing beoog in regulasie 17(1) uitreik; en
- (c) moet 'n nuwe beheerliggaam ingevolge hierdie regulasies binne die 90 dae beoog in paragraaf (a) verkies word.

(9) Indien 'n ouer met stemreg gekoöpteer word soos beoog in subregulasie (4) of (5), staak die koöptering wanneer die vakature gevul is by wyse van 'n tussenverkiesing, wat binne 90 dae nadat die vakature ontstaan het gehou moet word, ooreenkomstig dieselfde prosedures as dié vir die verkiesing van ouerlede soos in hierdie regulasies uiteengesit.

(10) Behoudens subregulasie (11), mag 'n ouer gekoöpteer ingevolge subregulasie (4) of (5) hoogstens 90 dae as 'n gekoöpteerde lid dien gedurende die ampstermyn van die beheerliggaam.

(11) Indien die tussenverkiesing beoog in subregulasie (9) weens 'n hoogs ontwrigtende gebeurtenis nie binne 90 dae gehou word nadat die vakature ontstaan het nie, gaan die gekoöpteerde lid voort om in die beheerliggaam te dien totdat die hoogs ontwrigtende gebeurtenis ten einde loop.

(12) In die omstandighede beoog in subregulasie (11), moet die tussenverkiesing binne 30 dae vanaf die datum van die staking van die hoogs ontwrigtende gebeurtenis gehou word.

(13) Die sekretaris van die beheerliggaam moet toesien dat 'n notule geneem word van die verrigtinge van 'n spesiale vergadering om 'n ouerlid te koop teer soos beoog in subregulasie (3).

(14) Die prinsipaal moet die notule beoog in subregulasie (13) op lêer hou en die volgende dokumente:

- (a) die kennisgewing beoog in subregulasies (1) en (2) wat ouers van die vakature in kennis stel;
- (b) die skriftelike antwoord van daardie ouers wat hul bereidwilligheid aangedui het om as 'n gekoopteerde stemgeregtigde lid van die beheerliggaam te dien;
- (c) die kennisgewing beoog in subregulasie (3) wat die spesiale vergadering belê;
- (d) die agenda van die spesiale vergadering;
- (e) bewyse dat die kennisgewing en agenda aan die stemgeregtigde beheerliggaamlede gestuur is;
- (f) die ondertekende notule van die spesiale vergadering; en
- (g) die ondertekende bywoningsregister van die spesiale vergadering.

(15) Die benoemingsbevestigingsvergadering en die tussenverkiesing beoog in subregulasies (9) en (12) moet ingevolge hierdie regulasies gehou word.

Onverkiesbaarheid om as lede in beheerliggaam te dien en diskwalifikasie van lede van beheerliggaam

4. 'n Persoon mag nie as 'n stemgeregtigde lid van 'n beheerliggaam benoem, aangestel of gekoopteer word of voortgaan om 'n stemgeregtigde lid van 'n beheerliggaam te wees nie indien hy of sy—

- (a) te eniger tyd deur 'n geregshof skuldig bevind is aan 'n misdryf waarvoor hy of sy 'n opgeskorte gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete opgelê is of tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnissen is, tensy hy of sy kwyt skelding ontvang het of die tydperk van opskorting of gevangenisstraf minstens drie jaar voor die datum van sy of haar benoeming of aanstelling as 'n lid van die beheerliggaam verstryk het;
- (b) 'n kind het, met inbegrip van 'n aangenome kind, gade, lewensmaat, ouer, broer of suster, grootvader, grootmoeder, skoonvader, skoonmoeder, swaer of skoonsuster wat—
 - (i) 'n lid van die betrokke beheerliggaam is; of
 - (ii) by die betrokke skool werk;
- (c) in die geval van 'n ouerlid, by of vir die skool werk;
- (d) 'n finansiële, ekonomiese of persoonlike belang in die skool het of vir 'n alleeneienaar of regs persoon werk wat 'n finansiële of ekonomiese belang in die skool het;
- (e) as ongeskik verklaar is om met kinders te werk ingevolge die “Children’s Act, 2005” (Wet 38 van 2005), of die Wysigingswet op die Strafreë (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet 32 van 2007);
- (f) geestesongesteld is en as sodanig verklaar is deur 'n geregshof;
- (g) 'n ongerehabiliteerde insolvent is;
- (h) nie op 'n kieserslys van die betrokke skool gelys is nie;
- (i) met die uitsondering van die prinsipaal, in die geval van 'n opvoeder wat aangestel is ingevolge die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), skuldig bevind is aan wangedrag en—
 - (i) beboet is;
 - (ii) sonder betaling geskors is;
 - (iii) gedemoveer is; of
 - (iv) 'n kombinasie van die strawwe beoog in subparagrafe (i) tot (iii) opgelê is, tensy die tydperk van sy of haar straf minstens drie jaar voor die datum van sy of haar benoeming of aanstelling as 'n lid van die beheerliggaam verstryk het;
- (j) in die geval van 'n nie-opvoeder, skuldig bevind is aan wangedrag en—
 - (i) sonder betaling geskors is;
 - (ii) gedemoveer is; of
 - (iii) 'n kombinasie van die strawwe beoog in subparagrafe (i) en (ii) opgelê is,

- tensy die tydperk van sy of haar straf minstens drie jaar voor die datum van sy of haar benoeming of aanstelling as 'n lid van die beheerliggaam verstryk het;
- (k) in die geval van 'n ouerkandidaat, nie 'n kind het wat as 'n leerder by die betrokke skool ingeskryf is nie;
- (l) in die geval van 'n leerder—
- (i) in die voorafgaande drie jaar deur die Departementshoof uit enige skool gesit is;
 - (ii) in die voorafgaande drie jaar deur 'n beheerliggaam geskors is;
 - (iii) in die voorafgaande twee jaar nie by enige skool 'n graad gevorder het nie; of
 - (iv) nie deur die verteenwoordigende raad van leerders vanuit sy eie geleedere soos beoog in regulasie 28 verkies is nie;
- (m) gedurende die voorafgaande drie jaar deur die Departementshoof ingevolge regulasie 6(8) uit 'n beheerliggaam verwyder is;
- (n) 'n prinsipaal by enige ander skool is; of
- (o) 'n amptenaar van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement is wat direkte toesighoudende verantwoordelikhede by die betrokke skool het.

Keuring

5. (1) 'n Persoon wat benoem is om in 'n beheerliggaam te dien soos beoog in regulasies 18, 22, 25 en 27 moet skriftelik instem tot keuring deur 'n geakkrediteerde keuringsagentskap om, waar nodig, voldoening aan regulasie 4 te bepaal.

(2) Vir die doeleindes van hierdie regulasies, mag 'n geakkrediteerde keuringsagentskap slegs 'n persoon keur wat—

- (a) as 'n stemgeregtigde lid in die beheerliggaam dien;
- (b) nie 'n stemgeregtigde lid is nie wat die beheerliggaam bystaan; en
- (c) aangestel is vir sy of haar kundigheid in 'n komitee van die beheerliggaam.

(3) Indien die keuringsproses bepaal dat 'n persoon wat verkies is om in 'n beheerliggaam te dien nie in die beheerliggaam mag dien nie, moet die lidmaatskap van die beheerliggaam ooreenkomstig hierdie regulasies bepaal word.

(4) Indien 'n aantyging deur enige persoon by die beheerliggaam gemaak word teen 'n lid van die beheerliggaam dat hy of sy nie aan regulasie 4 voldoen nie, moet die voorsitter van die beheerliggaam of, indien die aantyging teen die voorsitter gemaak is, die distrikskiesbeampte, die betrokke lid skriftelik van die aantyging in kennis stel en hom of haar die geleentheid bied om binne 14 dae ná ontvangs van die kennisgewing skriftelike verhoë tot die beheerliggaam te rig.

(5) Die lid teen wie 'n aantyging gemaak is soos beoog in subregulasie (4) moet hom of haar aan die vergadering van die beheerliggaam onttrek vir die duur van die bespreking van en besluitneming oor die aantyging.

(6) Indien die beheerliggaam besluit om die lid beoog in subregulasie (4) te keur om voldoening aan regulasie 4 te bepaal, moet die voorsitter of die distrikskiesbeampte, na gelang van die geval, die lid binne vyf dae nadat die besluit geneem is skriftelik van die besluit in kennis stel.

(7) In die omstandighede beoog in subregulasie (6), moet die beheerliggaam sonder versuim 'n geakkrediteerde keuringsagentskap nader om binne 14 dae nadat die besluit geneem is die lid te keur om voldoening aan regulasie 4 te bepaal.

(8) Indien die keuringsagentskap bevind dat die lid nie aan regulasie 4 voldoen nie, moet hy skriftelik aan die voorsitter of distrikskiesbeampte, na gelang van die geval, verslag doen, wat dan binne 30 dae van ontvangs van die verslag—

- (a) 'n afskrif van die verslag aan die provinsiale kiesbeampte moet verskaf wat die verslag aan die Departementshoof moet stuur met 'n aanbeveling dat hy of sy die lidmaatskap van die lid soos beoog in regulasie 6(8) beëindig; en
- (b) die betrokke lid oor die verslag en aanbeveling beoog in paragraaf (a) in kennis moet stel.

(9) Die Departementshoof moet die verslag oorweeg en die beheerliggaam en betrokke lid binne 21 dae van ontvangs van die verslag skriftelik van sy of haar besluit in kennis stel.

(10) 'n Persoon wie se lidmaatskap beëindig is mag binne 14 dae nadat die kennisgewing beoog in subregulasie (9) ontvang is by die Provinsiale Minister appèl aanteken.

(11) Die Provinsiale Minister moet die appèl oorweeg en binne 21 dae ná ontvangs van die appèl skriftelik 'n besluit oor die aangeleentheid aanteken.

(12) Die skool is verantwoordelik vir enige koste wat aangegaan is vir enige keuring wat ingevolge hierdie regulasie onderneem is.

Ampstermyn van lede van beheerliggaam

6. (1) Behoudens subregulasies (8) en (10) en regulasies 7, 8, 30(3) en 32(16), is die ampstermyn van 'n lid van 'n beheerliggaam wat nie 'n leerder is nie drie jaar en is dit van krag vanaf die datum waarop die skoolkiesbeampte verklaar dat die beheerliggaam vry en regverdig verkies is.

(2) Indien 'n opvoederlid in die beheerliggaam se laaste dag van indiensneming by 'n skool 31 Desember is, dan is sy of haar laaste dag om in die beheerliggaam te dien die laaste dag van die skooljaar vir opvoeders of die dag waarop sy of haar indiensneming by die skool deur òf die opvoeder òf die werkgewer beëindig word, watter datum ook al eerste voorkom.

(3) Indien 'n nie-opvoederlid in die beheerliggaam se laaste dag van indiensneming by 'n skool 31 Desember is, dan is sy of haar laaste dag om in die beheerliggaam te dien 31 Desember of die dag waarop sy of haar indiensneming by die skool deur òf die nie-opvoeder òf die werkgewer beëindig word, watter datum ook al eerste voorkom.

(4) Indien 'n kind van 'n ouerlid in die beheerliggaam se laaste dag van inskrywing by 'n skool die laaste dag van die skooljaar vir leerders is, dan is die laaste dag vir die ouer om in die beheerliggaam te dien die laaste dag van die skooljaar vir leerders of die datum waarop die inskrywing van die kind by die skool deur òf die ouer òf die Departementshoof beëindig word, watter datum ook al eerste voorkom.

(5) Die leerderlede in 'n beheerliggaam moet elke jaar teen 28 Februarie verkies word.

(6) Die ampstermyn van 'n leerderlid is een jaar.

(7) 'n Leerderlid moet in 'n beheerliggaam dien totdat—

(a) 'n nuwe leerderlid tot die beheerliggaam verkies is soos beoog in subregulasie (5);

(b) hy of sy die skool verlaat; of

(c) dit die laaste dag van die skooljaar vir leerders is indien die leerder in graad 12 is.

(8) Die Departementshoof kan—

(a) te eniger tyd die lidmaatskap van 'n beheerliggaamlid opskort of beëindig as gevolg van 'n skending van die gedragskode soos beoog in artikel 26A van die Wet; of

(b) die lidmaatskap van 'n beheerliggaamlid beëindig—

(i) vir die nie-voldoening aan regulasie 4; of

(ii) ingevolge regulasie 7(3).

(9) 'n Lid van 'n beheerliggaam wie se lidmaatskap ingevolge subregulasie (8)(a) opgeskort of beëindig is mag by die Provinsiale Minister appèl aanteken soos beoog in artikel 21 van die Gedragskode vir Lede van Skoolbeheerliggame van Openbare Skole gemaak onder Provinsiale Kennisgewing 101/2012 gepubliseer in *Provinsiale Koerant* 6982 gedateer 13 April 2012.

(10) Behoudens subregulasie (11), indien 'n persoon wat as 'n lid van 'n beheerliggaam verkies is soos beoog in regulasie 2(1), (2), (3) en (4) ophou om in die kategorie beoog in daardie regulasie te val waarvoor hy of sy as 'n lid verkies is, hou hy of sy op om 'n lid van die beheerliggaam te wees.

(11) Indien die ampstermyn van 'n ouerlid op die punt is om te verstryk omdat die enigste kind wat hy of sy by die skool het die skool gaan verlaat en die ouerlid reeds skriftelike bevestiging van aanvaarding vanaf die skool ontvang het vir die inskrywing van 'n tweede kind by dieselfde skool in die volgende skooljaar, mag die ouer 'n lid van die beheerliggaam bly op voorwaarde dat die eerste kind die skool op die laaste dag van die voorafgaande kwartaal verlaat en die tweede kind op die eerste dag van die nuwe kwartaal by daardie skool begin.

(12) Indien 'n gekombineerde skool of intermediêre skool herstruktureer word as 'n—

(a) primêre skool, bly die samestelling van die beheerliggaam beoog in regulasie 2(1) onveranderd, behoudens subregulasies (13) en (15), totdat die ampstermyn van die lede van die beheerliggaam verstryk; of

(b) sekondêre skool, bly die samestelling van die beheerliggaam beoog in regulasie 2(1) onveranderd, behoudens subregulasies (14) en (15), totdat die ampstermyn van die lede van die beheerliggaam verstryk.

(13) In die omstandighede beoog in subregulasie (12)(a), indien daar meer ouers in die beheerliggaam dien as waarvoor daar in regulasie 2(2) of (3), na gelang van die geval, voorsiening gemaak is, moet 'n verkiesing van ouerlede soos beoog in regulasie 19 binne 90 dae ná die herstrukturering gehou word.

(14) In die omstandighede beoog in subregulasie (12)(b), indien die getal ouers op die beheerliggaam minder is as die getal ouers waarvoor daar in regulasie 2(1) voorsiening gemaak is, moet ouerlede gekoöpteer word soos beoog in regulasie 3 en 'n verkiesing van ouerlede soos beoog in regulasie 19 moet binne 90 dae ná die herstrukturering gehou word.

(15) In die omstandighede beoog in subregulasie (12), om aan te bly as 'n lid van die beheerliggaam, moet die lid steeds ingevolge hierdie regulasies kwalifiseer om in die beheerliggaam van die primêre skool of die sekondêre skool te dien.

(16) 'n Lid van 'n beheerliggaam mag ná die verstryking van sy of haar ampstermyn weer verkies of gekoöpteer word, na gelang van die geval, indien hy of sy ingevolge hierdie regulasies kwalifiseer om 'n lid te wees.

Vakatures in beheerliggaam

7. (1) 'n Vakature ontstaan in 'n beheerliggaam indien 'n stemgeregtigde lid—

(a) sy of haar skriftelike bedanking indien en nie die bedanking terugtrek voordat dit formeel in 'n vergadering deur die beheerliggaam genotuleer word nie;

(b) sterf;

(c) sonder 'n geldige rede van drie opeenvolgende vergaderings van die beheerliggaam afwesig is nadat hy of sy behoorlik van die vergaderings in kennis gestel is;

(d) nie meer verkiesbaar is soos beoog in regulasie 4 of 6(10) nie; of

(e) ingevolge regulasie 6(8) uit die amp verwyder is.

(2) In die omstandighede beoog in subregulasie (1)(c)—

(a) moet die beheerliggaam die afwesighede notuleer;

(b) ná die tweede afwesigheid, moet die sekretaris van die beheerliggaam die afwesige lid in kennis stel dat die beheerliggaam die Departementshoof sal versoek om sy of haar lidmaatskap te beëindig indien hy of sy 'n derde maal afwesig is;

(c) ná die derde afwesigheid, moet die beheerliggaam die Departementshoof versoek om die lidmaatskap van die afwesige lid te beëindig; en

(d) moet die sekretaris die afwesige lid skriftelik in kennis stel dat die beheerliggaam die Departementshoof versoek het om sy of haar lidmaatskap te beëindig.

(3) Indien die Departementshoof tevrede is dat die lid sonder 'n geldige rede van drie opeenvolgende vergaderings van die beheerliggaam afwesig was, moet die Departementshoof binne 21 dae nadat die versoek beoog in subregulasie (2)(c) ontvang is die lidmaatskap van die lid beëindig en die lid van die beëindiging in kennis stel.

(4) 'n Persoon wie se lidmaatskap beëindig is soos beoog in subregulasies (2) en (3) mag binne 14 dae nadat die kennisgewing beoog in subregulasie (3) ontvang is by die Provinsiale Minister appèl aanteken.

(5) Die Provinsiale Minister moet die appèl oorweeg en binne 21 dae ná ontvangs van die appèl skriftelik 'n besluit oor die aangeleentheid neem.

(6) Wanneer 'n vakature ontstaan—

(a) in 'n beheerliggaam wat ingevolge regulasie 2(21)(b) saamgestel is, moet die Departementshoof 'n lid in die vakature aanstel;

(b) in 'n beheerliggaam wat ingevolge regulasie 2(1), (2), (3), (4) of (21)(a) saamgestel is, moet die vakature gevul word—

(i) in die geval van 'n ouerlid, deur die proses beoog in regulasie 3; en

(ii) in die geval van 'n opvoederlid, nie-opvoederlid of leerderlid, by wyse van 'n tussenverkiesing wat gehou moet word binne 14 dae nadat die vakature ontstaan

het, ooreenkomstig die verkiesingsprosedures soos uiteengesit in hierdie regulasies.

(7) 'n Lid wat ooreenkomstig subregulasie (6)(a) aangestel is of verkies is om 'n vakature te vul by wyse van 'n tussenverkiesing ooreenkomstig subregulasie (6)(b)(ii) verkry lidmaatskap vir die onverstreke tydperk van die ampstermyn van sy of haar voorganger, met stemreg, behoudens regulasie 6.

(8) Indien 'n vakature gevul is—

(a) ooreenkomstig subregulasie (6)(a), moet die Departementshoof; of

(b) ooreenkomstig subregulasie (6)(b), moet die sekretaris van die beheerliggaam,

die prinsipaal skriftelik in kennis stel van die naam van die persoon wat nie meer 'n lid van die beheerliggaam is nie en van die naam en adres van daardie persoon se opvolger.

(9) 'n Tydelike vakature ontstaan in 'n beheerliggaam indien 'n lid met 'n geldige rede van drie opeenvolgende vergaderings van die beheerliggaam afwesig is.

(10) In die omstandighede beoog in subregulasie (9), moet die lid die beheerliggaam in kennis stel dat hy of sy nie in staat sal wees om sy of haar werksaamhede in die beheerliggaam vir drie opeenvolgende vergaderings te verrig nie en 'n rede vir die afwesigheid verstrek.

(11) Indien die beheerliggaam die rede beoog in subregulasie (10) aanvaar en instem tot die afwesigheid, moet dit 'n persoon uit dieselfde kategorie lede as die afwesige lid koöpteer om die werksaamhede van die afwesige lid te verrig, met inbegrip van die uitoefening van stemreg, totdat die afwesige lid sy of haar werksaamhede in die beheerliggaam kan hervat.

(12) Indien die beheerliggaam die rede beoog in subregulasie (10) verwerp en nie tot die afwesigheid instem nie, moet die lid sy of haar skriftelike bedanking indien en moet daar soos beoog in subregulasie (6) met die vakature gehandel word.

(13) In die omstandighede beoog in subregulasie (11), moet die sekretaris van die beheerliggaam die prinsipaal skriftelik in kennis stel van die naam van die lid wat tydelik afwesig is en die naam en adres van die persoon wat tydelik die werksaamhede van die afwesige lid verrig.

Ontbinding en hersamestelling van beheerliggaam

8. (1) Die Departementshoof mag 'n beheerliggaam ontbind indien—

(a) hy of sy van mening is dat, as gevolg van die samesmelting van skole of die verdeling van 'n skool of ander herorganisering van skoolfasiliteite, dit nodig is om vir ouers van die betrokke skole of skool 'n geleentheid te bied om lede van 'n nuwe beheerliggaam te verkies wat behoorlik verteenwoordigend sal wees van die ouers van leerders wat die skole of skool ná sodanige samesmelting, verdeling of herorganisering bywoon;

(b) die beheerliggaam versuim het om sy werksaamhede bevredigend te verrig of op 'n wyse opgetree het wat nie in die beste belang van die skool is nie; of

(c) minstens 60 persent van alle ouers wat kragtens regulasie 9(1) stemgeregtig is, by 'n ouervergadering wat vir hierdie doel belê is, ten gunste van 'n voorstel van wantroue in die beheerliggaam stem.

(2)(a) Die voorsitter van 'n beheerliggaam moet, binne 14 dae nadat hy of sy skriftelik versoek is om dit te doen deur minstens 30 persent van die ouers wat ingevolge regulasie 9(1) stemgeregtig is, 'n ouervergadering bedoel in subregulasie (1)(c) belê.

(b) Indien die voorsitter nie op die versoek beoog in paragraaf (a) reageer nie, mag die ouers die distrikskiesbeampte nader, wat binne vyf dae nadat hy of sy deur die ouers genader is 'n bemiddelingsvergadering tussen die beheerliggaam en 'n afvaardiging van die ouers moet belê.

(c) Indien die beheerliggaam en ouers nie by die bemiddelingsvergadering beoog in paragraaf (b) 'n ooreenkoms bereik nie, moet die distrikskiesbeampte binne vyf dae ná die bemiddelings-vergadering vanuit die betrokke onderwysdistrikskantoor—

(i) die kringbestuurder; of

(ii) die hoof van bestuur en bestuurstoestig,

aanstel as voorsitter vir die ouervergadering beoog in subregulasie (1)(c) en daardie voorsitter versoek om daardie vergadering te belê.

(d) Die voorsitter beoog in paragraaf (c) moet—

- (i) sonder versuim 'n ouervergadering beoog in subregulasie (1)(c) belê, welke vergadering gehou moet word binne 14 dae nadat die voorsitter ingevolge paragraaf (c) aangestel is; en
- (ii) binne vyf dae nadat sodanige versoek deur die distrikskiesbeampte ontvang is, toesien dat skriftelike kennis van die vergadering gegee word, òf deur die kennisgewing aan elke leerder van die skool te oorhandig met die mondelinge opdrag om dit aan sy of haar ouers te oorhandig òf deur middel van enige ander toepaslike metode soos deur die voorsitter bepaal in oorleg met die prinsipaal.

(3) Waar 'n beheerliggaam kragtens subregulasie (1) ontbind is, word dit buite werking op 'n datum bepaal deur die Departementshoof.

(4) Die Departementshoof moet 'n tussentydse beheerliggaam instel soos beoog in regulasie 2(21)(b) vir 'n tydperk van hoogstens 90 dae vanaf die datum beoog in subregulasie (3).

(5) 'n Beheerliggaam moet binne 90 dae ná die instelling van die tussentydse beheerliggaam beoog in subregulasie (4) kragtens hierdie regulasies verkies word.

(6) Wanneer die Provinsiale Minister 'n skool ingevolge artikel 18 van die Wet sluit, ontbind die beheerliggaam van daardie skool op die laaste dag van die skoolkwartaal wat die datum van die sluiting van die skool voorafgaan.

Stemreg

9. (1) Elke ouer wat een of meer kinders het wat as leerders by 'n skool ingeskryf is, is daarop geregtig om vir ouerlede van die beheerliggaam by daardie skool te stem en mag slegs een maal vir 'n bepaalde benoemde persoon stem, met 'n maksimum getal stemme gelyk aan die getal ouerlede wat verkies moet word.

(2) 'n Hoof van 'n kindershuis of sy of haar afgevaardigde wat een of meer kinders het wat as leerders by 'n skool ingeskryf is, is daarop geregtig om vir ouerlede van die beheerliggaam by daardie skool te stem en mag slegs een maal vir 'n bepaalde benoemde persoon stem, met 'n maksimum getal stemme gelyk aan die getal ouerlede wat verkies moet word.

(3) In die omstandighede beoog in subregulasie (1), word hoogstens twee ouers per leerder toegelaat om te stem.

(4) Elke opvoeder in diens by 'n skool, met inbegrip van die prinsipaal, is daarop geregtig om vir opvoederlede van die beheerliggaam by daardie skool te stem, en mag slegs een maal vir 'n bepaalde benoemde persoon stem, met 'n maksimum getal stemme gelyk aan die getal opvoederlede wat verkies moet word.

(5) Elke lid van 'n verteenwoordigende raad van leerders by 'n skool is daarop geregtig om vir leerderlede van die beheerliggaam by daardie skool te stem en mag slegs een maal vir 'n bepaalde benoemde persoon stem, met 'n maksimum getal stemme gelyk aan die getal leerderlede van die verteenwoordigende raad wat verkies moet word.

(6) Elke lid van die nie-opvoederpersoneel by 'n skool is daarop geregtig om vir die nie-opvoederlid van die beheerliggaam te stem en het een stem: Met dien verstande dat indien die skool net een nie-opvoeder het, daardie lid outomaties verkies word.

Wyses van verkiesing

10. (1) Die verkiesing van 'n beheerliggaam moet plaasvind by wyse van—

- (a) 'n verkiesing-per-hand;
- (b) 'n e-verkiesing; of
- (c) beide 'n verkiesing-per-hand en 'n e-verkiesing.

(2) 'n Stemstasie vir die verkiesing van 'n beheerliggaam moet—

- (a) nie vroeër as 07:00 open nie en nie later as 20:00 sluit nie; en
- (b) gedurende die tyd beoog in paragraaf (a), vir minstens vyf ure in totaal oop wees.

- (3) Wanneer die wyse van verkiesing beoog in subregulasie (1) oorweeg word, moet die prinsipaal oorweeg of—
- (a) die wyse van verkiesing die beste belange van die skoolgemeenskap en die skool sal bevorder en die maksimum deelname deur stemgeregtigdes in die stemproses moontlik sal maak;
 - (b) die wyse van verskiesing nie onbillik teen enige potensiele kieser of groep kiesers sal diskrimineer nie;
 - (c) voldoende voorsiening vir die benoemingsproses gemaak is; en
 - (d) voldoende hulpbronne vir die voorkeurwyse van verkiesing beskikbaar is.
- (4) Die prinsipaal moet minstens 30 dae voor die datum van die verkiesing van 'n beheerliggaam—
- (a) die skoolkiesbeampte in kennis stel van die wyse van verkiesing beoog in subregulasie (1) wat gevolg sal word; en
 - (b) bevestig dat die skool in staat is om die wyse van verkiesing beoog in paragraaf (a) uit te voer.
- (5) Die skoolkiesbeampte moet—
- (a) die distrikskiesbeampte in kennis stel van die wyse van verkiesing binne twee dae nadat hy of sy deur die prinsipaal in kennis gestel is van die wyse van verkiesing soos beoog in subregulasie (4)(a); en
 - (b) minstens 25 dae voor die datum van die verkiesing 'n bestuursplan vir die verkiesing by die distrikskiesbeampte indien.
- (6) Die bestuursplan beoog in subregulasie (5)(b) moet minstens die volgende bevat:
- (a) die voorgestelde datum, tyd en plek vir die verkiesing;
 - (b) die tydgleuf waartydens stemme getel sal word en die resultate aangekondig sal word;
 - (c) 'n skedule vir die prosesse gevolg deur lede van die skoolkiesspan by die monitering van die benoemingsbevestigingsvergadering, stemming en tel van stemme; en
 - (d) die name van die lede van die skoolkiesspan.

Skoolkiesbeampte

11. (1) Die kringbestuurder moet aan die distrikskiesbeampte 'n aanbeveling doen oor die skool waaruit die prinsipaal, of indien hy of sy nie beskikbaar is nie, die tweede-in-bevel beoog in subregulasie (2), as skoolkiesbeampte aangestel moet word.

(2) Die distrikskiesbeampte moet 'n prinsipaal of tweede-in-bevel, indien nodig, van 'n ander skool skriftelik as die skoolkiesbeampte aanstel om die benoeming en verkiesing, na gelang van die geval, van ouer-, opvoeder- en nie-opvoederlede beoog in regulasie 2(1), (2), (3) en (4) tot 'n beheerliggaam te behartig.

(3) Die distrikskiesbeampte mag nie die prinsipaal of tweede-in-bevel beoog in subregulasie (2) aanstel van buite die onderwysdistrik waar die skool geleë is wat die benoeming en verkiesing behartig nie.

(4) Indien die prinsipaal of tweede-in-bevel soos beoog in subregulasie (2) tydelik nie beskikbaar is om die pligte beoog in subregulasie (7) na te kom nie, moet die distrikskiesbeampte, behoudens subregulasies (3) en (5), 'n skoolkiesbeampte van 'n ander skool aanstel om hierdie pligte na te kom.

(5) Die prinsipaal of tweede-in-bevel beoog in subregulasie (2) mag nie as skoolkiesbeampte by 'n skool aangestel word nie—

- (a) indien hy of sy 'n kind het wat by daardie skool ingeskryf is;
- (b) indien hy of sy nie as 'n skoolkiesbeampte opgelei en gesertifiseer is nie;
- (c) indien hy of sy in diens is by die skool waar die verkiesing plaasvind; of
- (d) waar die skoolkiesbeampte as die prinsipaal of tweede-in-bevel van sy of haar skool in diens is.

(6) Die skoolkiesbeampte mag een of meer opvoeders of nie-opvoeders as die skoolkiesspan aanstel om by 'n benoemingsbevestigingsvergadering en verkiesing bystand te verleen.

(7) Die skoolkiesbeampte moet—

- (a) toesien dat die skoolkiesspan die verkiesingsproses wat gevolg moet word verstaan en aan hierdie regulasies voldoen;

- (b) as voorsitter optree tydens die verkiesing van lede van 'n beheerliggaam, uitgesonderd die verkiesing van leerderlede en ampsdraers;
 - (c) toesien dat die skool waar die verkiesing plaasvind 'n verkiesingskantoor inrig deur 'n vertrek te verskaf met 'n telefoon, selfoon met data asook 'n rekenaar en drukker tot die beskikking van die skoolkiesbeampte en die skoolkiesspan vir die duur van die benoemingsbevestigingsvergadering en vir die stemmings- en stemtelprosesse;
 - (d) toesien dat daar 'n geskikte plek vir die benoemingsbevestigingsvergadering, die stemming en die tel van stemme is;
 - (e) in die geval van e-stemming, toesien dat een of meer e-stemstasies ingerig is;
 - (f) ingryp in enige geskille op die dag van die benoemingsbevestigingsvergadering, die stemming of die tel van stemme, en daardie geskille oplos;
 - (g) indien daarvan oortuig, die verkiesing as vry en regverdig verklaar; en
 - (h) die resultate van die verkiesing by die distrikskiesbeampte indien.
- (8) 'n Prinsipaal wat as 'n skoolkiesbeampte aangestel is mag nie die pligte beoog in subregulasie (7) aan die tweede-in-bevel delegeer sonder die instemming van die distrikskiesbeampte nie.
- (9) Die prinsipaal moet die skoolkiesbeampte met die uitvoer van sy of haar pligte ondersteun en bystaan.
- (10) Die skoolkiesspan moet die skoolstempel gebruik van die skool waar die skoolkiesbeampte in diens is wanneer hulle die benoemingsvorme en stembriewe stempel.

Pligte van distrikskiesbeampte

12. 'n Distrikskiesbeampte moet—

- (a) die beheerliggaamverkiesingsprosesse in die onderwysdistrik koördineer;
- (b) die onderwysdistrikskantoor adviseer oor die voorgestelde strategie vir en implementering van beheerliggaamverkiesings in die onderwysdistrik en toesien dat die proses ooreengekom met die provinsiale kiesbeampte gevolg word;
- (c) 'n bestuursplan opstel vir die implementering van die beheerliggaamverkiesings;
- (d) toesien dat elke skool 'n kiesbeampte het en dat die skoolkiesspan ingestel is;
- (e) die skoolkiesbeamptes beoog in paragraaf (d) aanstel;
- (f) toesien dat alle skoolkiesbeamptes behoorlik opgelei en gesertifiseer is;
- (g) toesien dat die skoolkiesbeamptes beskik oor die vorms beoog in die aanhangsels en alle nodige dokumentasie vir die verkiesingsprosesse;
- (h) toesien dat alle skoolkiesspanne voldoende opgelei is en bewus is van wat hul rol behels;
- (i) toesien dat lede van die skoolkiesspan hierdie regulasies en ander dokumentasie tersaaklik tot die verkiesings tydig ontvang;
- (j) toesien dat voorspraak vir die verkiesing soos beplan uitgevoer word;
- (k) toesien dat die onderwysdistriksamptenare die verkiesingsprosesse monitor;
- (l) toesien dat die name en kontakbesonderhede van die persone wat tot die beheerliggame verkies is binne sewe dae nadat die verkiesings plaasgevind het by die provinsiale kiesbeampte ingedien word;
- (m) toesien dat die name van die ampsdraers binne sewe dae nadat dit van die prinsipaal ontvang is by die provinsiale kiesbeampte ingedien word;
- (n) toesien dat die name van lede wat—
 - (i) tot die beheerliggaam gekoöpteer is soos beoog in regulasies 2(9) en 3; of
 - (ii) aangestel is in of verkies is tot die beheerliggaam om 'n vakature soos beoog in regulasie 7(6) te vul,
 binne 14 dae nadat hierdie name van die prinsipaal ontvang is by die provinsiale kiesbeampte ingedien word;
- (o) 'n databasis van nuutverkose lede van beheerliggame in die onderwysdistrik ontwikkel en byhou en dit by die provinsiale kiesbeampte indien; en
- (p) 'n skriftelike verslag van die beheerliggaamverkiesings opstel en dit by die provinsiale kiesbeampte indien.

Pligte van provinsiale kiesbeampte

13. Die provinsiale kiesbeampte moet—

- (a) 'n provinsiale implementeringbestuursplan vir die beheerliggaamverkiesings opstel;
- (b) toesien dat daar voldoende voorspraak gemaak word rakende die verkiesingsdatums;
- (c) alle hulpbronne koördineer om doeltreffende en regverdigde beheerliggaamverkiesings te hou;
- (d) toesien dat alle distrikskiesbeamptes behoorlik opgelei is;
- (e) die verkiesingsproses in die provinsie moniteer en evalueer; en
- (f) 'n databasis van beheerliggaamlede konsolideer wat in die provinsie verkies is.

Gedragkode van kiesbeamptes

14. 'n Skoolkiesbeampte, distrikskiesbeampte, provinsiale kiesbeampte en 'n lid van die skoolkiesspan moet—

- (a) eerlik en hoflik optree;
- (b) op 'n regverdigde en onpartydige wyse optree;
- (c) vertrouwd wees met die verkiesingsproses en toepaslike wetgewing wat op beheerliggaamverkiesings betrekking het;
- (d) die verkiesing volgens hierdie regulasies uitvoer;
- (e) met die prinsipaal saamwerk;
- (f) die verkiesingsproses op 'n regverdigde en regmatige wyse behartig; en
- (g) nie sy of haar bevoegdheid oorskry nie.

Kieserslyste

15. (1) Die prinsipaal moet vir elk van die volgende kategorieë kiesers 'n kieserslys soos volg opstel wat die name bevat van alle ouers, opvoeders en nie-opvoeders by die skool wat stemgeregtig is soos beoog in regulasie 9:

- (a) die kieserslys vir ouers moet gegrond word op die skool se toelatingsregister en moet bestaan uit daardie persone wie se name as ouers in die toelatingsregister opgeteken is of wat kan bewys dat hulle ouers is van leerders wat by die skool ingeskryf is;
- (b) die kieserslys vir opvoeders moet bestaan uit alle opvoeders wat by die skool in diens is; en
- (c) die kieserslys vir nie-opvoeders moet bestaan uit alle nie-opvoeders wat by die skool in diens is.

(2) Die prinsipaal moet toesien dat daar geen gedupliseerde name op die kieserslyste is nie en toesien dat 'n maksimum van twee ouers per leerder op die kieserslys vir ouers beoog in subregulasie (1)(a) weerspieël word.

(3) Die kieserslys vir ouers moet vir noukeurige ondersoek aan ouers beskikbaar gestel word minstens 10 dae voor die kennisgewing beoog in regulasie 17 aan ouers gestuur word.

(4) Die ouers mag die kieserslys vir ouers nagaan om vas te stel of hul name daarop verskyn en enige geskil aanhangig maak binne vyf dae nadat die kieserslys soos beoog in subregulasie (3) beskikbaar gestel is.

(5) Die prinsipaal moet 'n geskil beoog in subregulasie (4) oorweeg en, waar nodig, binne vyf dae nadat kennisgewing van 'n geskil ontvang is, die kieserslys wysig.

(6) Die prinsipaal moet minstens twee dae voor die kennisgewing beoog in regulasie 17 aan ouers gestuur word die kieserslys vir ouers, opvoeders en nie-opvoeders finaliseer, en geen name mag ná finalisering by die lys gevoeg word nie.

(7) Die prinsipaal moet die beginsel van insluiting volg en toesien dat die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting nagekom word wanneer hy of sy die kieserslys saamstel.

(8) Die skoolkiesbeampte moet die kieserslyste binne twee dae verifieer nadat die prinsipaal dit in gevolge subregulasie (6) gefinaliseer het.

Datum, tyd en plek van benoemingsbevestigingsvergadering en verkiesing van ouerlede

16. (1) Die skoolkiesbeampte moet ná oorlegpleging met die prinsipaal—

(a) 'n datum, tydgleuwe en 'n plek bepaal vir—

(i) 'n vergadering om die benoeming van ouers te bevestig, welke vergadering minstens 13 dae voor die verkiesing gehou moet word;

(ii) 'n verkiesing van ouerlede; en

(iii) die tel van stemme; en

(b) die prinsipaal skriftelik daarvan in kennis stel.

(2) Die benoeming en verkiesing van ouerlede moet voorafgegaan word deur die verkiesing van die ander kategorieë lede van die beheerliggaam soos beoog in regulasies 25, 26, 27 en 28.

(3) In die geval van 'n nuwe skool, moet die vergadering om die benoemings van ouers en die verkiesing van ouerlede te bevestig nie later nie as 90 dae ná die opening van die skool vir leerders gehou word.

(4) Die Departementshoof kan, indien dit redelikerwys nodig is in die omstandighede, skriftelik 'n verlenging van die tydperk beoog in subregulasie (3) toelaat, maar sodanige verlenging mag nie langer as ses maande ná die instelling van die skool wees nie.

Kennisgewing van benoemingsbevestigingsvergadering en verkiesing van ouerlede

17. (1) Die skoolkiesbeampte moet 'n kennisgewing opstel, in die vorm van Aanhangsel A, van die benoemingsbevestigingsvergadering en verkiesing beoog in regulasie 16 en 'n benoemingsvorm, in die vorm van Aanhangsel B, en moet, minstens 21 dae voor die verkiesing, 'n afskrif van die kennisgewing en benoemingsvorm aan die prinsipaal verskaf sodat uitvoering gegee kan word aan die bepaling van subregulasie (4).

(2) Die kennisgewing aan die ouers moet—

(a) die datum van die verkiesing vermeld;

(b) die wyse van verkiesing soos beoog in regulasie 10(1) vermeld;

(c) in die geval van 'n verkiesing-per-hand, die tyd en plek van die benoemingsbevestigingsvergadering vermeld;

(d) vermeld dat ouerkandidate die benoemingsbevestigingsvergadering van 'n verkiesing-per-hand mag bywoon;

(e) die datum, tydgleuwe en plek van die stemming vermeld;

(f) ouers daaraan herinner om 'n vorm van identifikasie saam te bring sodat hulle toegelaat mag word om te stem;

(g) ouers inlig dat hulle hoogstens twee dae ná die benoemingsbevestigingsvergadering skriftelik by die skoolkiesbeampte teen enige benoeming beswaar mag aanteken;

(h) ouers aanmoedig om die volgende faktore in aanmerking te neem wanneer ouerkandidate benoem en verkies word:

(i) die beginsel van billikheid;

(ii) die noodsaaklikheid om onregte van die verlede reg te stel; en

(iii) die noodsaaklikheid van verteenwoordiging;

(i) ouers inlig dat inligting rakende benoemde kandidate slegs ingevolge die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting versoek en bekend gemaak mag word; en

(j) benoemde ouers inlig dat hulle toestemming moet gee dat hul inligting aan die kiesers bekend gemaak mag word.

(3) Die identifikasie beoog in subregulasie (2)(f) moet 'n Suid-Afrikaanse identiteitskaart, 'n groen staafkode-identiteitsdokument, 'n tydelike identiteitsdokument uitgereik deur die Departement van Binnelandse Sake of, in die geval van 'n buitelandse, 'n permit uitgereik ingevolge die "Immigration Act" wees: Met dien verstande dat indien sodanige identifikasie nie beskikbaar is nie, 'n alternatiewe vorm van identifikasie deur 'n lid van die skoolkiesspan aanvaar mag word.

(4) Die prinsipaal moet minstens 21 dae voor die datum van die verkiesing van ouerlede—

(a) toesien dat die opvoeders afskrifte van die kennisgewing en benoemingsvorm aan elke leerder van die betrokke skool oorhandig met die mondelinge opdrag om dit aan sy of haar ouers te oorhandig;

- (b) toesien dat afskrifte van die kennisgewing en benoemingsvorm per pos aan die ouers van elke leerder by die skool gestuur word, indien hy of sy dit dienstig ag;
- (c) 'n kombinasie van die twee kennisgewingsmetodes beoog in paragrawe (a) en (b) gebruik; of
- (d) enige ander toepaslike metode gebruik wat hy of sy mag bepaal om die ouers van elke leerder by die skool in kennis te stel van die benoemingsbevestigingsvergadering en verkiesing van ouerlede, met dien verstande dat die kennisgewingsmetode nie enige ouers benadeel of hul deelname aan die verkiesingsproses belemmer nie.

(5) Die skoolkiesbeampte moet toesien dat die kennisgewing beoog in subregulasie (1) minstens 11 dae voor die datum van die benoemingsbevestigingsvergadering beoog in subregulasie (2)(c) by die skool vertoon word.

Benoemingsproses in verkiesing-per-hand

18. (1) Om 'n ouerkandidaat in 'n verkiesing-per-hand te benoem, moet die ouer van 'n leerling by die skool teen nie later as 13:00 nie op die veertiende dag voor die verkiesing 'n benoemingsvorm in die vorm van Aanhangsel B wat behoorlik deur die voorsteller, sekondant en ouerkandidaat voltooi is, by die skoolkiesbeampte indien.

(2) 'n Benoeming beoog in subregulasie (1) moet deur 'n ander ouer gesekondeer word.

(3) 'n Ouer mag nie homself of haarself benoem nie.

(4) Die behoorlik voltooide en ondertekende benoemingsvorms moet by die betrokke skool in 'n verseelde stembus geplaas word en moet nie van die skool verwyder word nie.

(5) Die skoolkiesbeampte moet toesien dat—

(a) vir elke benoemde daar 'n voorsteller en sekondant is;

(b) die benoemde, voorsteller en sekondant op die kiesersrol gelys is; en

(c) die benoemingsbevestigingsvergadering in kennis gestel word van die benoemings wat teen die datum en tyd beoog in subregulasie (1) ontvang is.

(6) By die benoemingsbevestigingsvergadering moet die skoolkiesspan die benoemings oorweeg en die benoeming van enige ouer verwerp wat—

(a) nie ooreenkomstig subregulasie (1) benoem is nie;

(b) onverkiesbaar is soos beoog in regulasie 4; of

(c) homself of haarself benoem het,

en daarna moet die skoolkiesbeampte 'n benoemingslys saamstel en die prinsipaal in kennis stel van die name van die ouers wie se benoemings aanvaar is.

(7) Die prinsipaal, minstens twee dae voor die datum van die verkiesing van ouerlede—

(a) moet toesien dat die opvoeders afskrifte van die benoemingslys beoog in subregulasie (6) aan elke leerder van die betrokke skool oorhandig met 'n mondelinge opdrag om dit aan sy of haar ouers te oorhandig; of

(b) mag enige ander toepaslike metode gebruik soos hy of sy bepaal om die ouers van elke leerder by die skool in kennis te stel van daardie benoemingslys, met dien verstande dat die kennisgewingsmetode nie enige ouers benadeel en hul deelname aan die verkiesingsproses belemmer nie.

(8) Indien die totale getal aanvaarde ouerkandidate meer is as die getal lede wat ingevolge regulasie 2(1)(a), (2)(a), (3)(a) en (4)(a) vir die betrokke beheerliggaam bepaal is, moet 'n stemming ingevolge regulasie 19 gehou word.

(9) Indien die totale getal aanvaarde ouerkandidate minder is as of gelyk is aan die getal lede wat vir die betrokke beheerliggaam bepaal is, moet die skoolkiesbeampte elke aanvaarde ouerkandidaat as 'n behoorlik verkose lid van die beheerliggaam verklaar.

(10) Indien die totale getal aanvaarde ouerkandidate minder is as die getal lede wat vir die betrokke beheerliggaam vereis word, moet die skoolkiesbeampte 'n tweede benoemingsbevestigingsvergadering met 'n kennistydperk van minstens drie dae belê, hoogstens vyf dae ná die datum van die eerste benoemingsbevestigingsvergadering om die uitstaande poste van ouerlede in die beheerliggaam te vul.

(11) Die getal benoemings van ouerkandidate wat nie later as 13:00 nie op die dag voor die tweede benoemingsbevestigingsvergadering ontvang is, moet ooreenkomstig subregulasie (8), (9) of (10) hanteer word, na gelang van die geval.

(12) Indien die getal benoemings van ouerkandidate wat by die tweede benoemingsbevestigingsvergadering ontvang is minder is as die getal ouerlede wat vir die betrokke beheerliggaam uitstaande is, moet die skoolkiesbeampte 'n derde benoemingsbevestigingsvergadering met 'n kennistydperk van minstens drie dae belê, hoogstens vyf dae ná die datum van die tweede benoemingsbevestigingsvergadering om die uitstaande poste van ouerlede in die beheerliggaam te vul.

(13) Die getal benoemings van ouerkandidate wat nie later as 13:00 nie op die dag voor die derde benoemingsbevestigingsvergadering ontvang is, moet ooreenkomstig subregulasie (8), (9) of (14) hanteer word, na gelang van die geval.

(14) Indien die getal benoemings van ouerkandidate wat by die derde benoemingsbevestigingsvergadering ontvang is steeds minder is as die getal ouerlede wat in die betrokke beheerliggaam uitstaande is, moet—

(a) die behoorlik verkose ouerlede die uitstaande getal ouerlede koöpteer wat stemreg sal hê om in die beheerliggaam te dien met dien verstande dat die vergadering om die ouerlede te koöpteer 'n kworum bereik; of

(b) die proses beoog in regulasie 16(1) gevolg word indien die getal behoorlik verkose ouerlede nie genoeg is om 'n kworum te vorm nie om 'n vergadering beoog in paragraaf (a) te belê.

(15) Die koöptering beoog in subregulasie (14)(a) staak wanneer die vereiste getal ouers tot die betrokke beheerliggaam verkies is by wyse van 'n tussenverkiesing, wat binne 90 dae ná die derde benoemingsbevestigingsvergadering beoog in subregulasie (13) gehou moet word.

(16) 'n Kworum beoog in subregulasie (14) bestaan uit een meer as die helfte van die getal ouerlede wat ingevolg regulasie 2(1)(a), (2)(a), (3)(a) of (4)(a) bepaal is.

Stemming by verkiesing van ouerlede in verkiesing-per-hand

19. (1) Die stemming beoog in regulasie 18(8) moet gehou word op die datum en tyd en by die plek wat ooreenkomstig die benoemings- en verkiesingsproses bepaal is.

(2) Die skoolkiesbeampte moet—

(a) die ouers wat hul benoemings aanvaar het versoek om 'n foto van homself of haarself te verskaf wat binne die voorafgaande drie maande geneem is en gelyksoortig in styl is aan 'n foto wat op 'n Suid-Afrikaanse identiteitskaart of in 'n groen staafkode-identiteitsdokument verskyn;

(b) met die toestemming van die ouers wat hul benoeming aanvaar het, die name van die benoemdes in alfabetiese volgorde lys, tesame met hul foto's, by die plek van stemming tesame met 'n duidelike skriftelike opdrag aan diegene wat gaan stem om slegs vir die vereiste getal kandidate te stem;

(c) stembriewe voorberei wat die name van al die benoemde kandidate in alfabetiese volgorde bevat tesame met 'n duidelike skriftelike opdrag aan diegene wat gaan stem om slegs vir die vereiste getal kandidate te stem; en

(d) aan elke ouer wat daarop geregtig is en wil stem 'n stembrief beoog in paragraaf (c) uitreik waarop die skoolstempel beoog in regulasie 11(10) verskyn.

(3) 'n Ouer moet sy of haar stem vertroulik op die stembrief beoog in subregulasie (2) uitbring: Met dien verstande dat indien 'n ouer weens ongeletterdheid, blindheid of 'n ander liggaamsgebrek nie in staat is om sy of haar stem uit te bring nie, die skoolkiesbeampte, op versoek van daardie ouer en in die teenwoordigheid van 'n getuie van die ouer se keuse, die stem van die ouer mag uitbring vir die ouerkandidaat of ouerkandidate wat daardie ouer aandui.

(4) Die ouer moet sy of haar stembrief wat sy of haar stem uitbring in 'n stembus plaas wat vir daardie doel verskaf is.

Tel van stemme

20. (1) Die skoolkiesbeampte moet die stembus oopmaak in die teenwoordigheid van die skoolkiesspan en ouerkandidate wat teenwoordig wil wees.
- (2) Die skoolkiesbeampte moet elke stembrief noukeurig deurgaang en 'n stembrief verwerp—
- (a) waarop die skoolstempel beoog in regulasie 19(2)(d) nie verskyn nie;
 - (b) waarop meer stemme uitgebring is as die getal lede wat ooreenkomstig regulasie 2 verkies moet word; of
 - (c) wat op so 'n wyse voltooi is dat dit na die mening van die skoolkiesbeampte onduidelik is vir watter ouerkandidaat of ouerkandidate 'n stem uitgebring is.
- (3) Nadat die skoolkiesbeampte enige bedorwe stembriewe soos beoog in subregulasie (2) verwerp het, moet hy of sy—
- (a) in die teenwoordigheid van elke ouerkandidaat wat teenwoordig wil wees, toesien dat die stemme wat vir elke ouerkandidaat uitgebring is, deur die skoolkiesspan getel word; en
 - (b) die getal ouers wat ingevolge regulasie 2(1)(a), (2)(a), (3)(a) of (4)(a) vir die betrokke beheerliggaam bepaal is vir wie die meeste stemme uitgebring is tot behoorlik verkose lede van die beheerliggaam verklaar en die getal stemme vermeld wat vir elke ouerkandidaat uitgebring is.
- (4) Indien die getal stemme wat vir twee of meer ouerkandidate uitgebring is gelyk is en dit die uitslag van die stemme beïnvloed, moet die skoolkiesbeampte, in die teenwoordigheid van die skoolkiesspan en elke ouerkandidaat wat teenwoordig wil wees, lootjies trek om te bepaal watter van die ouers suksesvol verkies is.
- (5) Geen volmagstemme word by beheerliggaamverkiesings aanvaar nie.

Rol van skool in besluit op e-verkiesing

21. Wanneer e-verkiesing as die wyse van verkiesing gekies word, moet die prinsipaal—
- (a) die ouers van die e-verkiesing in kennis stel;
 - (b) voor die verkiesing leiding aan die ouers bied by wyse van 'n handleiding oor hoe om die e-verkiesingsmetode te gebruik;
 - (c) toesien dat 'n persoon met deeglike kennis van die werking van 'n e-verkiesing beskikbaar is om tegniese ondersteuning voor en op die dag van die verkiesing te verskaf;
 - (d) minstens een e-stemstasie by die skool oprig vir die duur van die verkiesing om voorsiening te maak vir diene wat by die skool wil stem;
 - (e) toesien dat daar 'n kragopwekker beskikbaar is in die geval van geen elektrisiteitstoevoer;
 - (f) personeellede voorsien en aanwys wat beskikbaar sal wees om die skoolkiesspan by te staan vir die duur van die benoemings-, stemmings-, en stemtelprosesse; en
 - (g) toesien dat ouers minstens vyf dae voor die verkiesing registreer om te stem deur middel van 'n verskeidenheid sekuriteitsvrae.

Benoemingsproses vir e-verkiesing

22. (1) Die benoemingsproses beoog in regulasie 18 is van toepassing, tensy die stelsel voorsiening maak dat die benoemingsproses vir 'n e-verkiesing aanlyn onderneem word, in welke geval die benoemingsproses beoog in regulasie 18 van toepassing is met die nodige veranderinge.
- (2) Waar die benoemingsproses aanlyn onderneem gaan word, moet die stelsel geprogrammeer word om—
- (a) aan 'n ouer aanmeldbesonderhede met 'n unieke eenmalige identifikasienommer te verskaf om hom of haar in staat te stel om ouerkandidate te benoem;
 - (b) die identifikasie van die ouer te verifieer, gegrond op die kieserslys vir ouers, wanneer hy of sy aanmeld deur middel van die persoonlike identifikasienommer beoog in paragraaf (a); en
 - (c) 'n aanlyn benoemingsvorm tot die ouer se beskikking stel sodat hy of sy ouerkandidate kan benoem.
- (3) 'n Ouer moet afmeld nadat hy of sy benoemings gemaak het.
- (4) Die personeellede beoog in regulasie 21(f) moet ouers wanneer nodig help om dokumente op te laai.

Stemming tydens e-verkiesing

- 23.** (1) Die stelsel moet geprogrammeer word om—
- aan 'n ouer aanmeldbesonderhede met 'n unieke eenmalige persoonlike identifikasienommer te verskaf sodat hy of sy in die stemming kan stem;
 - die identifikasie van die ouer te verifieer, gegrond op die kieserslys vir ouers, wanneer hy of sy aanmeld deur middel van die persoonlike identifikasienommer beoog in paragraaf (a); en
 - 'n aanlyn stembrief tot die ouer se beskikking stel sodat hy of sy vir die vereiste getal ouerkandidate kan stem.
- (2) 'n Ouer moet afmeld nadat hy of sy gestem het.

Tel van stemme gedurende e-verkiesing

- 24.** (1) Die stelsel moet geprogrammeer word sodat dit resultate kan bereken en beskikbaar stel sodra die verkiesingstyd verstryk het.
- (2) Die skoolkiesbeampte moet die resultate van die stemming beoog in regulasie 23 verifieer.
- (3) Indien die getal stemme wat uitgebring is vir twee of meer ouerkandidate gelykop is en dit die uitslag van die stemming raak, moet die skoolkiesbeampte, in die teenwoordigheid van die skoolkiesspan en elke ouerkandidaat wat teenwoordig wil wees, lootjies trek om te bepaal wie van die ouers suksesvol verkies is.

Benoemings- en verkiesingsvergadering van opvoederlede

- 25.** (1) Die skoolkiesbeampte moet, in 'n kennisgewing in die vorm van Aanhangsel C, 'n datum, tyd en plek vir 'n vergadering vir die benoeming en verkiesing van opvoederlede van 'n beheerliggaam vermeld, wat minstens 13 dae voor die verkiesing van ouerlede gehou moet word.
- (2) Om 'n opvoeder te benoem, moet 'n opvoeder op die diensstaat van dieselfde skool—
- hoogstens agt dae voor die datum van die benoemings- en verkiesingsvergadering by die skoolkiesbeampte 'n benoemingsvorm in die vorm van Aanhangsel D, behoorlik voltooi deur die voorsteller, sekondant en opvoederkandidaat, indien; of
 - 'n opvoeder as 'n lid van die beheerliggaam voorstel tydens die benoemings- en verkiesingsvergadering.
- (3) 'n Benoeming beoog in subregulasie (2)(b) moet deur 'n ander opvoeder gesekondeer word, en 'n benoemingsvorm in die vorm van Aanhangsel D moet behoorlik deur die voorsteller, die sekondant en, indien teenwoordig, die benoemde opvoeder voltooi word en binne die tyd beoog in subregulasie (4) by die skoolkiesbeampte ingedien word.
- (4) Indien 'n kworum soos beoog in regulasie 26(3) bereik word, moet die skoolkiesbeampte die tyd bepaal wat tydens die benoemings- en verkiesingsvergadering vir die benoeming van opvoederkandidate toegelaat sal word en die vergadering daarvan in kennis stel.
- (5) 'n Opvoeder mag nie homself of haarself benoem nie.
- (6) Ná die verstryking van die tyd beoog in subregulasie (4), moet die skoolkiesbeampte die benoemings oorweeg en die benoeming van enige opvoeder verwerp wat—
- nie ooreenkomstig subregulasie (2)(a) of (3) benoem is nie;
 - onverkiesbaar is soos beoog in regulasie 4;
 - in die geval van 'n benoeming beoog in subregulasie (2)(b), nie die benoemingsvorm voltooi het nie, tensy skriftelike bewys ter bevrediging van die skoolkiesbeampte voor die verstryking van die tyd beoog in subregulasie (4) ingedien is dat die opvoederkandidaat bereid is om as 'n lid van die beheerliggaam te dien; of
 - homself of haarself benoem het, en daarna moet die skoolkiesbeampte die name bekendmaak van die opvoederkandidate wie se benoemings aanvaar is.
- (7) Indien die totale getal opvoederkandidate wie se benoemings soos beoog in subregulasie (6) aanvaar is—
- minder is as die getal lede wat ingevolge regulasie 2(1)(b), (2)(b), (3)(b) of (4)(b) vir die betrokke beheerliggaam bepaal is, moet 'n nuwe vergadering belê word waar bykomende opvoederkandidate benoem moet word, welke vergadering binne sewe dae vanaf die eerste

vergadering ooreenkomstig die prosedures soos uiteengesit in hierdie regulasies gehou moet word;

(b) gelyk is aan die getal lede wat ingevolge regulasie 2(1)(b), (2)(b), (3)(b) of (4)(b) vir die betrokke beheerliggaam bepaal is, moet die skoolkiesbeampte elke aanvaarde opvoederkandidaat as 'n behoorlik verkose lid van die beheerliggaam verklaar; of

(c) meer is as die getal lede wat ingevolge regulasie 2(1)(b), (2)(b), (3)(b) of (4)(b) vir die betrokke beheerliggaam bepaal is, moet 'n stemming ooreenkomstig regulasie 26 gehou word.

(8) Indien daar 10 of minder opvoeders op die diensstaat van 'n skool is, word die prosedure vir die benoeming van opvoederlede nie gevolg nie maar die prosedure vir die stemming beoog in regulasie 26 moet gevolg word.

Stemming by verkiesing van opvoederlede

26. (1) Die skoolkiesbeampte moet 'n kennisgewing van die benoemings- en verkiesingsvergadering opstel en moet minstens agt dae voor die vergadering 'n afskrif van die kennisgewing aan elke opvoeder op die dienstaat van die skool verskaf.

(2) Die prinsipaal moet die skoolkiesbeampte 'n lys gee van alle opvoeders wat in diens van die skool is, wat die kieserlys vir die opvoeders vorm.

(3) 'n Korum by die stemming bestaan uit die teenwoordigheid van een meer as die helfte van die getal opvoeders op die diensstaat van die skool.

(4) Die skoolkiesbeampte moet aan elke opvoeder wat sy of haar stem wil uitbring 'n goedgekeurde stembrief uitreik waarop die skoolstempel beoog in regulasie 11(10) verskyn.

(5) 'n Opvoeder beoog in subregulasie (1) wat wil stem moet sy of haar stem uitbring deur die name van hoogstens twee opvoederkandidate op die stembrief te skryf.

(6) Die skoolkiesbeampte moet die stembus in die teenwoordigheid van die skoolkiesspan en die opvoederkandidate wat teenwoordig wil wees, oopmaak.

(7) Die skoolkiesbeampte moet elke stembrief noukeurig deurgaan en 'n stembrief verwerp—

(a) waarop die skoolstempel beoog in subregulasie (4) nie verskyn nie;

(b) waarop die name van meer as twee opvoederkandidate verskyn; of

(c) wat op so 'n wyse voltooi is dat, na die mening van die skoolkiesbeampte, dit onduidelik is vir watter opvoederkandidaat of opvoederkandidate 'n stem uitgebring is.

(8) Nadat die skoolkiesbeampte enige bedorwe stembriewe verwerp het, soos in subregulasie (7) beoog, moet hy of sy, in die teenwoordigheid van elke opvoederkandidaat wat teenwoordig wil wees, seker maak dat die stemme wat vir elke opvoederkandidaat uitgebring is deur die skoolkiesspan getel word.

(9) Die twee opvoederkandidate vir wie die meeste stemme uitgebring is moet deur die skoolkiesbeampte as behoorlik verkose verklaar word.

(10) Indien geen opvoederkandidaat 'n meerderheid van die stemme behaal nie, moet die kandidaat wat die laagste getal stemme ontvang het uitgeskakel word en word ooreenkomstig hierdie regulasies 'n verdere stemming oor die oorblywende kandidate gehou.

(11) Die prosedure beoog in subregulasie (10) moet herhaal word totdat daar twee opvoederkandidate is wat deur die skoolkiesbeampte as behoorlik verkose verklaar moet word.

(12) By die toepassing van subregulasie (10), indien twee of meer opvoederkandidate elk die laagste getal stemme het, moet daar afsonderlik gestem word oor daardie kandidate en so dikwels as wat nodig is herhaal word om te bepaal watter kandidaat uitgeskakel word.

Benoeming en verkiesing van nie-opvoederlid

27. (1) Die prosedure vir die benoeming en verkiesing van opvoederlede is, met die nodige veranderinge, van toepassing op die benoeming en verkiesing van 'n nie-opvoederlid.

(2) Indien daar slegs twee nie-opvoederlede in diens van 'n skool is, moet die skoolkiesbeampte lootjies trek om te bepaal watter nie-opvoeder suksesvol verkies is.

Benoeming en verkiesing van leederlede

28. Die twee leerderlede beoog in regulasie 2(1)(d) en (4)(d) moet deur die verteenwoordigende raad van leerders uit sy eie geledere verkies word soos beoog in die Bepaling van die Werkzaamhede en Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Verteenwoordigende Rade van Leerders by Openbare Skole gemaak deur die Provinsiale Minister onder Provinsiale Kennisgewing 272/2014 in *Provinsiale Koerant* 7317 gedateer 13 Oktober 2014.

Besluite van skoolkiesbeampte

29. (1) Die skoolkiesbeampte moet oor alle aangeleenthede in verband met die benoeming van kandidate en verkiesing van lede beslis en dit oplos.

(2) Behoudens regulasie 30(1), moet alle geskille oor die benoemings- en verkiesingsproses by die skoolkiesbeampte aangemeld word.

(3) Die skoolkiesbeampte moet probeer om alle geskille op te los ten einde die verkiesings onbetwis te verklaar.

(4) 'n Besluit van die skoolkiesbeampte tydens die benoemings- en verkiesingsproses is finaal.

(5) Die skoolkiesbeampte moet ná die verkiesing beslis oor 'n beswaar teen 'n benoeming beoog in regulasie 17(2)(g) en dit oplos.

(6) Indien daar 'n geskil is wat die skoolkiesbeampte nie kan oplos nie, moet die benoemings en verkiesings afgehandel word.

Besluite van distrikskiesbeampte

30. (1) Enige persoon wat 'n beswaar teen 'n besluit van 'n skoolkiesbeampte wil aanteken, moet die beswaar binne sewe dae ná die verkiesing van lede in die betrokke kategorie skriftelik by die tersaaklike distrikskiesbeampte aanteken.

(2) Enige persoon kan, binne sewe dae ná die verkiesing in die betrokke kategorie, 'n onopgeloste geskil beoog in regulasie 29(6) na die distrikskiesbeampte verwys.

(3) Die distrikskiesbeampte moet die beswaar beoog in subregulasie (1) of die verwysing beoog in subregulasie (2) of (4) oorweeg en binne sewe dae van ontvangs van die beswaar of verwysing skriftelik reageer op die persoon wat die beswaar of verwysing aangeteken het en daardie persoon inlig van sy of haar besluit en die redes vir die besluit.

(4) Enige persoon wat ná die verkiesing bewus word van 'n beweerde onreëlmatigheid in die verkiesingsproses mag die beweerde onreëlmatigheid binne sewe dae ná die aankondiging van die beheerliggaamlede na die distrikskiesbeampte verwys.

Prosedure ná verkiesing van beheerliggaam

31. (1) Ná die verkiesing van 'n beheerliggaam, moet die skoolkiesbeampte—

(a) 'n geskandeerde afdruk maak van alle dokumente wat by die benoeming en verkiesing van die lede gebruik is, met inbegrip van alle voltooië stembriewe wat in die verkiesing gebruik is en alle benoemingsvorme wat ontvang is en—

(i) 'n geskandeerde afdruk aan die prinsipaal stuur; en

(ii) 'n geskandeerde afdruk behou;

(b) die oorspronklike dokumente beoog in paragraaf (a) in koeverte plaas, die koeverte verseël en aan die distrikskiesbeampte oorhandig, wat dit in veilige bewaring moet hou vir 'n tydperk van minstens drie jaar ná die datum van die verkiesing van die beheerliggaam;

(c) indien daarvan oortuig, die verkiesing as vry en regverdig verklaar;

(d) elke verkose lid skriftelik in kennis stel van sy of haar verkiesing;

(e) die prinsipaal en die distrikskiesbeampte binne drie dae ná die datum van die verkiesing van die beheerliggaam skriftelik in kennis stel van die name en adresse van die persone wat tot lede verkies is; en

(f) 'n onbetwiste verkiesingsverklaring uitreik, waar dit die geval was, of 'n verklaring met besonderhede van enige geskille by die distrikskiesbeampte indien.

(2) Die prinsipaal moet toesien dat die verkiesingsdata van die beheerliggaam binne 14 dae ná die datum van die verkiesing in die Wes-Kaapse Onderwysdepartement se aanlyn bestuurs-inligtingsprogram voltooi word.

(3) Die uittredende beheerliggaam hou op om te bestaan wanneer die skoolkiesbeampte die nuutverkose ouerlede aankondig en die verkiesing as vry en regverdig verklaar.

Eerste vergadering van beheerliggaam

32. (1) Die eerste vergadering van die nuutverkose beheerliggaam moet—

- (a) deur die prinsipaal belê word binne vyf dae nadat hy of sy die kennisgewing beoog in regulasie 31(1)(e) ontvang het;
- (b) binne 10 dae ná die verkiesing gehou word;
- (c) die prinsipaal as voorsitter hê;
- (d) die beheerliggaam se ampsdraers verkies; en
- (e) die ondertekenaars vir finansiële aangeleenthede bepaal.

(2) Die ondertekenaars beoog in subregulasie (1)(e) moet binne sewe dae ná die vergadering beoog in subregulasie (1) tekenregte gegee word.

(3) Die prinsipaal moet—

- (a) 'n vergadering tussen die uittredende beheerliggaam en die nuutverkose beheerliggaam belê en as voorsitter daarvan optree binne sewe dae van die eerste vergadering beoog in subregulasie (1) sodat die oriënteringsproses kan plaasvind;
- (b) die oriënteringsproses bestuur deur—

(i) toe te sien dat die voorsitter van die uittredende beheerliggaam en die voorsitter van die nuutverkose beheerliggaam 'n lys van die dokumentasie afteken wat oorhandig moet word; en

(ii) enige vrae te beantwoord wat die lede van die nuutverkose beheerliggaam mag hê; en

- (c) stemgeregtigde lede van die nuutverkose beheerliggaam bewus maak van hul pligte, met inbegrip van die noodsaaklikheid om toe te sien dat ampsdraers so verteenwoordigend moontlik is van die gender- en rassediversiteit van die betrokke skool.

(4) By die eerste vergadering van 'n beheerliggaam van 'n skool vir leerders met spesiale onderwysbehoefte, moet die lede beoog in regulasie 2(4)(a), (b), (c), (d) en (e) lede beoog in regulasie 2(4)(f), (g), (h), (i) en (j) koöpteer wat stemreg sal hê.

(5) By die eerste vergadering van die beheerliggaam beoog in subregulasie (1), moet die liggaam vanuit sy stemgeregtigde geledere ampsdraers verkies, wat minstens 'n voorsitter, 'n ondervoorsitter, 'n tesourier en 'n sekretaris moet insluit.

(6) Geen lid mag meer as een amp van die beheerliggaam gelyktydig beklee nie, tensy die beheerliggaam uit minder as vyf lede bestaan.

(7) In die omstandighede beoog in regulasie 2(1), (2) en (3), mag slegs 'n stemgeregtigde ouerlid van 'n beheerliggaam as voorsitter of ondervoorsitter van die beheerliggaam dien.

(8) In die omstandighede beoog in regulasie 2(4), mag enige lid van 'n beheerliggaam as voorsitter of ondervoorsitter van die beheerliggaam dien, uitgesonderd die prinsipaal van die skool, 'n opvoeder by die skool, 'n nie-opvoeder by die skool of 'n leerder.

(9) Behoudens subregulasies (7) en (8), mag enige stemgeregtigde lid van 'n beheerliggaam, uitgesonderd die prinsipaal, as ampsdraer dien.

(10) Behoudens subregulasie (11), mag die ampstermyn van 'n ampsdraer nie een jaar sedert sy of haar verkiesing oorskry nie.

(11) Behoudens subregulasie (1), moet die prinsipaal teen die einde van Februarie elke jaar 'n vergadering van die beheerliggaam belê om vanuit sy stemgeregtigde geledere die ampsdraers beoog in subregulasie (5) te verkies.

(12) 'n Ampsdraer van 'n beheerliggaam mag ná die verstryking van sy of haar ampstermyn as 'n ampsdraer herverkies word, met dien verstande dat hy of sy steeds kwalifiseer om 'n lid van die beheerliggaam te wees.

(13) Indien die amp van 'n ampsdraer om enige rede vakant raak, moet die beheerliggaam by die eerste vergadering nadat die vakature ontstaan het, een van sy lede verkies om die vakature vir die onverstreke ampstermyn van sy of haar voorganger te vul.

(14) Die prinsipaal moet by 'n verkiesingsvergadering beoog in subregulasies (5), (12) en (13) as voorsitter optree.

(15) Die prinsipaal moet, ná 'n vergadering waar enige ampsdraer ooreenkomstig hierdie regulasie verkies is, die Departementshoof deur middel van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement se aanlyn bestuursinligtingstelsel in kennis stel van die datum van die vergadering, die naam en adres van die persoon wat verkies is en die amp waartoe hy of sy verkies is.

(16) Behoudens regulasies 8 en 31(3), by verstryking van sy of haar ampstermyn, moet 'n uittrede ampsdraer sy of haar werksaamhede verrig totdat die verkiesing van die nuwe ampsdraer wat hom of haar sal vervang, plaasgevind het, met dien verstande dat die nuwe ampsdraer kwalifiseer om 'n lid van die beheerliggaam te wees.

Komitees

33. (1) 'n Beheerliggaam—

(a) moet 'n finansiële komitee en 'n beskikkingskomitee instel;

(b) mag soveel ander komitees instel as wat hy nodig mag ag; en

(c) mag persone wat nie stemgeregtigde lede van die beheerliggaam is nie aanstel in 'n komitee beoog in paragraaf (a) of (b) op grond van kundigheid om aan die komitee die kapasiteit te verleen om die werksaamheid waarvoor hy aangestel is, uit te voer.

(2) Slegs 'n stemgeregtigde lid mag as voorsitter van 'n komitee van die beheerliggaam dien.

(3) 'n Persoon beoog in subregulasie (1)(c)—

(a) kan—

(i) 'n voorstel doen by 'n komiteevergadering;

(ii) 'n voorstel sekondeer by 'n komiteevergadering; en

(iii) stem oor 'n voorstel by 'n komiteevergadering; en

(b) mag nie as voorsitter van die komitee optree nie.

(4) Die getal stemgeregtigde beheerliggaamlede in 'n finansiële komitee en 'n beskikkingskomitee beoog in subregulasie (1)(a) moet minstens een meer wees as die persone beoog in subregulasie (1)(c).

(5) Die tesourier of, indien nie hy of sy nie, die ondervoorsitter van 'n beheerliggaam moet dien as die voorsitter van die finansiële komitee, die beskikkingskomitee en enige afvaardiging van die beheerliggaam wat finansiële aangeleenthede hanteer.

(6) 'n Finansiële komitee moet minstens twee maal per kwartaal vergader.

(7) 'n Beskikkingskomitee moet minstens een maal per jaar vergader.

(8) 'n Komitee beoog in subregulasie (1)(b) moet vergader wanneer die behoefte daaraan ontstaan.

(9) Die voorsitter van 'n komitee moet—

(a) die datum, tyd en plek van 'n komiteevergadering bepaal; en

(b) elk van die komiteeledes minstens vyf dae voor die vergadering skriftelik van die vergadering beoog in paragraaf (a) in kennis stel.

(10) Die voorsitter van 'n komitee mag nie 'n vergadering beoog in subregulasies (6), (7) en (8) belê op 'n openbare vakansiedag of 'n dag wat in 'n skoolvakansie val nie.

(11) Die prinsipaal of die persoon wat waarneem as hoof van 'n skool moet alle komiteevergaderings bywoon en daaraan deelneem.

(12) 'n Komitee beoog in subregulasie (1)(a) mag besluite neem soos in die behoorlik goedgekeurde grondwet of finansiële beleid van die beheerliggaam bepaal.

(13) 'n Komitee beoog in subregulasie (1)(b) mag slegs aanbevelings aan die beheerliggaam doen.

(14) 'n Kworum vir 'n komiteevergadering bestaan uit die teenwoordigheid van een meer as die helfte van die totale getal lede van die komitee.

